

S.M.F.

STELLENBOSCH MEDIA FORUM.

MEDIATED REALITY

ISSUE 2010.

we connect



through

volunteering

let's share

Small things can make a big difference.

Visit www.csi24.co.za for more information



Media 24

CONTENTS.

● **004.EDITORIAL.**

● **005. THE BIG UPGRADE.**

SCIENCE & TECHNOLOGY.

● **006. VUL JOU REALITEIT AAN.**

● **010. WETENSKAP IN WOORDE.**

● **014. JUMPING TO THE FUTURE.**

● **018. HOW TWITTER IMPACTS JOURNALISM.**

2010 FIFA WORLD CUP

● **022. AFRICAN (?) WORLD CUP.**

● **024. AFRICA DEFIES RED CARD.**

● **028. THE 2010 FIFA WORLD CUP:
WHAT THE MEDIA LEARNED.**

● **030. 2010 FIFA VOLUNTEERS FORGOTTEN BY THE MEDIA.**

GENDER & SEXUALITY.

● **034. PORNO SE NOODKREET.**

● **038. MOENIE MAAK ASOF JY NIE JAGS WORD NIE.**

● **040. SEX-POSÉ.**

● **044. LGBTI EN DIE MEDIA.**

● **048. KICK LIKE A GIRL.**

ENVIRONMENT.

052. CLIMATE CHANGE: ARE WE MISSING THE STORY OF THE CENTURY?

054. MEDIA MORS MET BP SE GEMORS.

056. CONSERVING A CONSCIENCE.

POLITICS & SOCIOLOGY.

060. JOERNALISTIEK 102.

063. THE BITTERSWEET:
16 YEARS OF DEMOCRATIC JOURNALISM.

066. REG(5).

068. SUID-AFRIKA: DIE REËNBOOGNASIE?

070. TUSSEN TREINE, TUSSEN STASIES.

072. BRIDGING THE SOCIAL GAP

ARTS & CULTURE.

076. DIE TALE WAY ONS PRAAT.

080. SERIOUS SATIRE.

082. THE STATE OUR ARTS JOURNALISM.

085. WANNEER DIE MUSIEK OPHOU SPEEL

088. #LIKE VS #FAIL.

MEDIATED REALITY.

EDITOR
MARI BEUKES

ASSISTANT EDITOR
LIZE SWARTZ

PRODUCTION MANAGER
HEIN SCHOLTZ

CIRCULATION MANAGER
JEAN ESTERHUIZEN

SUB-EDITORS
LOUISE FERREIRA
NICOLE MCCAIN

CHIEF LAYOUT ARTIST
REINHARD VAN BILJON

PHOTOGRAPHIC EDITOR
WILLEM VAN DER BERG

CONTRIBUTORS
WILLEMEN CALITZ
ROZANNE ENGEL
CHIVIMBISO GAVA
NIKITA GELDENHUIS
LUKE GERTENBACH
MARISA GEYER
NIEL JOUBERT
MOIPONE KGATLE
MAPHUTI MANNYA
LYNNE MATTHYSEN
GEORGE MILLER
RENATE MOOLMAN
LOREN PIENAAR
VANESSA SMEETS
CASPER STRYDOM
NADINE THERON
MELISSA TIGHY
GERDA VON BENECKE

CONTENT SUPERVISOR
JO-ANN FLORIS
VISUAL SUPERVISOR
DEIDRE NORTJE



EDITOR'S NOTE.

I think this must be the 16th, no 17th, version of this sentence. It seems it has become impossible to write an introductory paragraph about new technology, change and the media without reverting to some cliché. I will therefore leave the poor creators of Twitter, the iPad and the smart phone to be abused in the Science and Technology section, by both my colleagues and myself.

However, the theme of this year's SMF is "Mediated Reality" and so I think at least some explanation of the concept is necessary. Mediated (or augmented) reality refers to technology that allows computers and cell phones to paste a layer of digital content and images over our view of the physical world. It allows you, for example, to point your cell phone camera down a street and see information about the restaurants and bars in the area to pop-up on your screen.

Mediated reality does not create a new world, like virtual reality claimed to, but instead enhances the existing world. It simply supplies more information about the place you find yourself in. Of course, what information it supplies differs between software applications. These downloadable "Apps" can show you anything from restaurants and properties for sale to crime statistics. It mediates your reality by drawing your attention to certain things in your surroundings. It is hard to miss something that pops up on your screen and it soon becomes easy to forget most other things.

But isn't this what traditional media have been doing all along? We place certain stories on the cover, we make them pop up, and we leave others to be forgotten. We "mediate" the reality of our readers by telling them what we think is relevant and relegate what we think is not. Whether we deem the right things to be relevant is an often debated issue and one that many articles in this magazine tackle. Do we draw enough attention to environmental issues? Do we offer too much to sex and sensation? Who are the people we leave out to never pop up on society's screens? These are the questions this magazine tries to dissect.

At the same time it is not only the media that tries to mediate how people perceive the reality of our society. The proposed Protection of Information Bill and Media Appeals Tribunal is in essence a blueprint for a new App for the South African media. An "App" that will allow government officials to decide what is relevant and what can appear on our screens. An App that will show us the world, not as it is, but mediated by politicians and those in power.

To say that the media is faultless and never leaves out what is relevant or draws attention to what is not, would be untrue. But what is true is that press freedom allows a multitude of media players to decide on this. It allows a multitude of Apps to exist and for society to choose which ones they want to download. Some of these Apps might get it wrong, but perhaps we should leave this for the users to decide and not the government.

THE BIG UPGRADE.

Stellenbosch University's Journalism School – for her alumni the famous Crozier Street address – has just gotten an upgrade. The BPhil class of 2010 has the honour of inaugurating the new building, and a new era for Crozier Street.

THE stately national heritage building – the grand old Edwardian lady – in which the Department was housed over more than 30 thirty years, together with the new building, can be described as “Janus personified”.

Janus, also the title of the Department's alumni newsletter, in Roman mythology is the god looking into both the future and the past. He is usually depicted as having two heads facing opposite directions – also an apt metaphor for journalism and journalism education, of not only surveying, but also analysing.

The annexe consists of two storeys, and the main student entrance is now between the Department and the block of university flats. The ground floor is a multi-purpose lecture hall as well as a chill room-cum-coffee bar (with a loooovely graffiti wall – imagine the late night creativity in future...). The top floor houses the multimedia newsroom with studios for video and sound recording and editing.

The existing newsroom will be used by our master's and doctoral students and the old lecture room has morphed into office space.

DIE nuwe gebou is die gevolg van 'n versoek wat hom oor agt jaar sedert 2001 herhaal het: dat Crozierstraat 26 uit haar nate bars, dat dit rondom 20 honneursstudente in die pre-digitale era beplan is, dat ons nou 'n volwaardige nagraadse departement is – een van Afrika se top twaalf joernalistieskole, nogal – met benewens die meer as twee dosyn honneursstudente, ook byna 40 M-studente, en 'n handvol D-studente.

Einde 2008 het ons die goeie nuus gekry: Ons kry ons annekse.

En toe het die droom waar geword – en departementshoof Lizette Rabe kyk soms na die nuwe gebou en dink sy voel soos die hond wat uiteindelik die bus ingehardloop het. Wat MAAK ons nou met die pragtige nuwe gebou ná ons al die jare gewoon gewoond geraak het om op mekaar se skote te sit?

Die veeldoelige lesinglokaal het plek vir tot 40 studente (maar moenie bekommerd wees nie, ons bly die boetiekstyl-joernalistieskool). En daar is 'n lekker koffiekroeg – die chill room waarvoor Lizette al gevra het aan die einde van 1978. Dit was die eerste jaar se klas, toe die “proefkynne” van Prof. Piet hul evaluasie oor die kursus moes skryf. Alles goed en wel, maar waar's die kuisplek...?



PHOTO: Willem van der Burg

Die tweede vloer se geïntegreerde multimedialokaal is 'n groot verbetering op die bestaande opset waar die nuus/rekenaarlokaal onder was, en die audio- en videoredigeersuites in die solder.

Die agtertuin-kuisplek is darem ook nie opgeoffer nie: Die grootste deel van die gebou staan op wat voorheen die duurste parkeerplek vir vullisdromme op Stellenbosch was (die woonstelgebou langs aan s'n).

Die pragtige nuwe gebou heet die Mediafrika-sentrum omdat ons hier aan die suidpunt van Afrika glo in die krag van 'n dinamiese, vrye, plurale, supersterk mediasektor waarsonder ons nie ons kontinent se potensiaal sal kan ontsluit nie. Miskien juis daarom simbolies dat die nuwe gebou opgerig is in die jaar waarin allerlei bedreigings teen mediavryheid in Suid-Afrika gemaak is.

Die solder in die “ou” gebou bestaan uit kantoorruimte en 'n tutoriale kamer, en saam sal die infrastruktuur van die “oue” en die “nuwe” die Departement hopelik vir die volgende dekade of so aan die gang hou...

VUL JOU REALITEIT AAN.



Die nuutste golf van tegnologiese ontwikkeling kan nog meer verandering inhou vir die joernalistiek. MARI BEUKES het gaan ondersoek instel hoe aangevulde realiteit aangewend kan word om veel ryker stories te vertel as ooit vantevore.

Verbeel jou jy stap verby 'n tydskrifrak in 'n inkopiesentrum in Melville. Uit die hoek van jou oog sien jy die FHM – en die meisie op die voorblad. Jy tel die tydskrif op en laat sak jou bril. Skielik word die meisie lewendig en staan op uit die voorblad. In 'n driedimensionele animasie glimlag sy vir jou. Dan hoor jy haar stem deur die iPod in jou ore: "Kom jy vanaand Six toe? Daar is 'n Hunters-promo van 21:00 af."

Dit is hoe die tydskrif van die toekoms kan lyk as aangevulde realiteit nie 'n gonswoord bly nie, maar deel word van ons alledaagse realiteit. Aangevulde, of gemedieerde (mediated) realiteit verwys na tegnologie wat selfone en rekenaars toelaat om lae digitale inligting bo-oor die regte wêreld te plak. Draai byvoorbeeld jou selfoonkamera na die straat waar jy jou bevind en aangevulde realiteit (AR) sal die pad na die naaste stasie, of 'n resensie oor die restaurant op die hoek op jou selfoonskerm laat verskyn. Of hou 'n besigheidskaartjie voor jou webkamera en kyk hoe 'n geanimeerde weergawe van die eienaar op jou rekenarskerm verskyn om homself voor te stel.

As aangevulde realiteit nuwe, ryker maniere verskaf om inligting oor te dra en te orden sal joernaliste dit nie as net nog 'n tegnologiese foefie kan afmaak nie. Die Britse ontwerptydskrif *Wallpaper* het reeds in Januarie vanjaar beweer dat aangevulde realiteit een van die tien belangrikste nuwe neigings en tegnologieë van 2010 sal wees. Gartner Research, een van die wêreld se voorste navorsingsmaatskappye oor inligtingstegnologie, het ook voorspel dat 30 persent van die mobiele arbeidsmag teen 2014 van aangevulde realiteit gebruik sal maak. Sal hierdie persentasie ook joernaliste insluit?

Hoe werk aangevulde realiteit?

Volgens dr. Gert-Jan van Rooyen, hoof van die MfH Electronic Media Lab by die Universiteit Stellenbosch, behels aangevulde realiteit baie meer as net die neerplak van inligting oor beelde. Dr. Van Rooyen beskryf dit eerder as die "dinamiese integrasie van digitale inhoud met die regte wêreld."

Waarom reeds dinamies? AR-sagteware laai nie net lukrake

**AANGEVULDE
REALITEIT VERWYS
NA TEGNOLOGIE
WAT SELFONE EN
REKENAARS
TOELAAT OM LAE
DIGITALE
INLIGTING BO-
OOR DIE REGTE
WÊRELD TE PLAK.**



GRAFIEK: Mari Bekker

inligting van die internet af om op jou selfoonskerm te vertoon nie. Die sagteware bepaal watter inligting relevant is deur te weet waar die gebruiker hom- of haarself bevind.

Die MIR-laboratorium is tans die enigste in sy soort in Suid-Afrika en poog om navorsing oor "nuwe media" te bevorder. Die navorsers wat dit besan probeer om by te dra tot die ontwikkeling van die volgende generasie tegnologie wat die interaksie tussen die mens en elektroniese media kan verander.

Aangevulde realiteit verbind die inligting wat lankal in die kuberruim rondry met die tasbare wêreld deur rekenaars en selfone 'n universele menslike vraag te laat vra: "Waar is ek nou?" Die eerste generasie AR-tegnologieë beantwoord hierdie vraag deur gebruik te maak van geografiese ligging en globale plekbevestigingsstelsel (GPS)-tegnologie. Die sagteware weet sekere inligting hoort saam met sekere geografiese koördinate. Aangesien die sagteware weet wat die GPS-koördinate vir die Eiffel-toring in Parys is, laat dit inligting oor die toring af wanneer jy jou daar bevind.

Navorsers is egter reeds besig om nuwe maniere om plekke te herken te verfyn. Sagteware wat patrone sal kan identifiseer en vergelyk met 'n magdom gestoorde patrone in 'n databasis sal byvoorbeeld eerder die buitelyne van die Eiffel-toring op jou uitsig van Parys kan "raaksien".

En die flankerende voorbladnoot? Die Amerikaanse Instituut vir die Toekomst voorspel aangevulde realiteit sal teen 2015 sonder enige probleme met spesiale brille kan werk. Vir die meeste om uit die voorblad op te staan moet die sagteware in jou bril, of tans op jou rekenaar, egter weet waar presies die voorblad is, verduidelik: Carol van Wyk, 'n MSc-student by die MIR-laboratorium, wat spesialiseer in AR.

Om te weet waar om die beeld te projekteer moet die sagteware al drie dimensies in ag neem. Dit moet weet hoe hoog of laag, hoe ver links of regs en hoe ver na voor of agter die voorblad is van die kamera wat dit waarneem. Verder moet dit ook die hoeke waarteen die voorblad voor die kamera gehou word in ag neem, met ander woorde, dit kan meet hoe "skuins" die voorblad vasgehou word.

**DIE SAGTEWARE
BEPAAAL WATTER
INLIGTING
RELEVANT IS
DEUR TE WET
WAAR DIE
GEBRUIKER HOM-
OF HAARSELF
BEVIND.**

Die wêreld se eerste lewende tydskrif

Die Amerikaanse tydskrif *Esquire* het in hul uitgawe van Desember 2009 gewys hoe aangevulde realiteit hul tydskrif in 'n multimedia-ervaring omskep het.

Lesers kon die nodige sagteware van *Esquire* se webwerf aflaai en toe hulle die tydskrif voor hul webkameras hou, het spesiaal vervaardigde animasies op hul rekenarskerm verskyn.

Die animasies het 'n pratende Robert Downey Jr op die voorblad,

'n meisie wat 'n grappie vertel en 'n Lexus-advertensie ingesluit.

Esquire moes die hulp van Pysop, 'n bekende animasie-steljee, inroep. In die lewende tydskrif se kantoor is die heel belangrikste afdeling die rekenaarprogrammeerders wat videomateriaal en animasies omskep in individuele tonele wat deur sagteware herken kan word wanneer dit voor die webkamera gehou word. Die skryf van algoritmes en sagteware word dus nou deel van die produksieproses.

Te danke aan wiskundige kodes kan sagteware seker wees watter toneel by watter patroon hoort en boonop teen watter hoek daardie toneel geprojekteer moet word, afhangende van hoe die tydskrif vasgehou word.

Deur die tydskrif nader of verder van die kamera te hou kon *Esquire*-lesers verskillende animasies "aanskakel". Die lewende tydskrif is dus nie net 'n video wat begin speel nie, dit reageer op die bewegings van die leser.



FIGURE 1: Dana Lacey http://www.journalismpractice.ca/en/content_images/fig1.jpg & <http://web2politics.wordpress.com/2009/11/26/augmented-reality-562940183-zukunft-welt-kommen/>

Die lewende tydskrif

Die konsep van 'n lewende tydskrif gooi die idee van drukmedia as 'n dooie, en daarom sterwende, medium heeltemal omver. Daarom beskou sommige mediakomentators aangevulde realiteit as 'n tweede kans vir drukmedia om die sprong na aanlynpublikasie te maak. As inhoud op die internet slegs deur die koop van 'n papierkopie bekom kan word, lyk die besigheidsmodelle rondom aanlynpublikasies skielik heelwat anders.

Van Wyk waarsku egter: "Die groot-

ste probleem wat hierdie toepassing van aangevulde realiteit in die media op hierdie stadium het, is dat mens 'n webkamera of *smart phone* nodig het, asook vinnige internet. In Suid-Afrika is die internet tans heeltemal te stadig hiervoor."

Van Wyk en sy kollegas beskou die animasies as meestal niks meer as feesies wat mooi lyk nie. Hulle beskou dit bloot as 'n nuwe speelding vir bookmarks om mense se aandag te trek.

Estian Marais, nog 'n MSc-student by die MIH-laboratorium, voeg by: "Jy kan nie ver wag dat tegnologie, wat

veronderstel is om mense se lewe makliker te maak, vra dat hulle meer moeite moet doen nie. Dit is nou nog snaaks en daarom doen mense die moeite, maar dit sal waarskynlik nie altyd so bly nie."

Wat kan aangevulde realiteit vir joernalistiek beteken?

Selfs al oorleef lewende tydskrifte nie lank nie, kan aangevulde realiteit tog die wyse waarop joernaliste stories

vertel, versterk. Mike Liebhold, senior navorser by die Nieman Instituut vir Joernalistiek, skryf in die Instituut se Sumer 2010-Verslag dat aangevulde realiteit "fisiese ruimte verander in inligtingsruimte".

Met die magdom inligting wat aangevulde realiteit oral en altyd tot mense se beskikking sal bring, sal daar volgens Liebhold die nodigheid ontstaan om hierdie inligting te bevraagteken en te filter. 'n Gebruiker sal byvoorbeeld nie al die inligting beskikbaar oor Stellenbosch wil hê nie, maar slegs dit wat hy of sy as relevant beskou en vertrou.

Die taak van die joernalistiek duur dus voort. Aangevulde realiteit sal dit selfs meer nodig maak om al die beskikbare inligting oor byvoorbeeld politiek, besigheid, kultuur en geskiedenis vir gebruikers te filtreer, te interpreteer en te orden.

Liebhold wys egter ook daarop dat "plek" die bepalende faktor is waarvolgens aangevulde realiteit, per definisie, joernaliste sal dwing om inligting te orden. Voorheen was joernalistiek rondom tyd georden: iets is nuuswaardig, eerstens, omdat dit nou gebeur het of bekend geword het. Maar wat as jy deur die nuusargiewe kan blaai om berigte te lees oor wat van te vore gebeur het op die dorpie waar jy stop vir petrol? Skielik verander die organiserende beginsel van die oordrag van inligting van tyd na plek.

In dieselfde Nieman-verslag neem Krissy Clark, 'n vervaardiger by die American Public Media se dokumentêre afdeling, hierdie argument nog verder: "Elke storie het 'n plek en elke plek het 'n storie," skryf sy. Volgens Clark kan huidige aangevulde realiteit jou tans net feite en nuttige inligting oor plekke gee. Dit kan nog nie die stories vertel van plekke en die mense wat hulle daar bevind nie.

As storievertellers is dit hier waar joernaliste soveel waarde tot aangevulde realiteit kan voeg. Die kuns en tegniek van stories vertel sal egter nou ook klank en beeld in te sluit.

Joernaliste sal steeds die politieke, kulturele, ekonomiese, sosiale en persoonlike faktore wat 'n plek vorm moet ondersoek. Hulle sal dit net nou moet doen op 'n manier wat sorg dat hul stories van die bladsy af spring. ■

Wat kan jou iPhone doen?




Layar verskaf 'n platform waarop gebruikers data oor enige onderwerp aan plekke kan koppel. Daar bestaan reeds 294 sulke "lae" inligting – wat strek vanaf Google se plaaslike soekresultaat tot raad oor die beste plek vir 'n aandjie uit. Een Layar-laag in Brittanje dien selfs as gids op 'n toer saam met die Beatles waarop jy onder andere saam met geanimeerde weergawes van die groep kan poseer vir foto's by die bekende voetgangerspad by Abbey Road.



Wikitude Worlds is in Januarie 2010 geloods. Elke Wikitude World gee gebruikers die beeld wat die instansie wat dit geskep het van die wêreld het. Die Starbucks World sal byvoorbeeld uitwys waar hul naaste koffiewinkel is. Die UNESCO World Heritage World laat weer inligting oor die 890 wêrelderfenisgebiede op jou skerm verskyn. Ander Worlds sluit Youtube en Twitter.



Yelp gebruik resensies en kommentaar wat deur plaaslike inwoners geskep is, om gebruikers in te lig oor restaurante, winkels en ander besighede. Yelp wys jou nie net watter restaurante naby aan jou is nie, maar verskaf ook resensies oor hulle. In Augustus 2010 het meer as 38 miljoen mense Yelp gebruik.



Die Suid-Afrikaanse Groot Teleskoop (SAGT) in Sutherland.

Total Score = 70/100 (54%)

WETENSKAP IN WOORDE.



Vir die meeste mense is dit 'n bevrydende gevoel om wiskunde en die wetenskap met al sy dinge, finaal by die skool agter te laat. Hoe minder syfers hoe beter. Hoe minder sommetjies hoe makliker.

Is daar nie tog 'n behoefte aan wetenskapnuus in die media nie? En hóé moet wetenskap aangebied word om maklik verteerbaar te wees?

MARISA GEYER het dié woordsom gaan uitpluis.

Hoe om vandag se wetenskap in boeiende leesstof te omskep is iets wat daaglik deur ons land se wetenskapjoernaliste bedink moet word.

Die goed-georganiseerde span deel hul antwoorde, ideale en inisiatiewe vir die toekoms van Suid-Afrikaanse wetenskapverslaggewing.

Marina Joubert is 'n vryskutwetenskapjoernalis. Sy het haarself aan beide kante van die terrein gekwalifiseer deur haar wetenskapstudies te onderbreek om 'n joernalistiekgraad aan die Universiteit Stellenbosch te voltooi. Daarna het sy haar meestersgraad in voedselwetenskap verwerf.

Joubert glo daar is ongelukkig 'n neiging in die Suid-Afrikaanse media om te fokus op die goed wat verkoop: celebs, skandaal en bloederige moord.

Tog vertel sy navorsing wêreldwyd onder lesers en kykers wys mense wil weet van nuwe uitvindings en hoe die wetenskap hulle lewens raak. "Gelukkig het mense 'n ingeboude nuuskierigheid. Dit is omtrent net in wetenskapjoernalistiek waar daar plek is vir iets bloot

omdat dit só ongelooflik is."

Ook Elsabe Brits, wetenskapjoernalis van *Die Burger*, sien dié veld as uniek: "In die wetenskapjoernalistiek draai jy weg van die 'hoor-albei-kante-van-die-storie'-aanslag na die wetenskaplike metode van dink, waar die bewese teen die onbewese kan steeds teenoor mekaar staangemaak word, maar nie as gelyke stellings nie."

Wetenskapjoernaliste is oortuig hulle beweeg al nader aan effektiewe en verstaanbare wetenskapsaangebieding. Joubert meen die kunst lê daarin om wetenskap beter te verpak. "Een van die belangrikste dinge waarmee wetenskaplikes sukkel is die visuele. Wetenskaplikes is regtig sleg met foto's. Hulle gee foto's wat jy glad nie kan gebruik nie. In 'n koerant kan 'n baie goeie foto met 'n byskrif meer aandag trek as 'n goeie storie."

Elise Tempelhoff van *Beeld* het onlangs met gepaste grafika oor die dreigende ondergrondse suurwater in Johannesburg gewys hoe 'n storie uitstekend verpak kan word. Sy het verduidelik teen hoeveel sentimeter per dag die watervlak styg en die probleem verder tashaar gemaak deur te sê die volgende gebou in gevaar

is waarskynlik 'n spesifieke Standard Bank-gebou. Goeie feite met goeie grafiese voorstelling het die storie tuis gebring.

Ook Health24 se Wilma Stassen beaam die waarde daarvan om wetenskap goed te verpak, sodat lesers geïnteresseerd sal wees. Sy stel voor dat wanneer joernaliste vir die algemene publiek skryf hulle die wetenskap so maklik as moontlik aanbied. "Dit help om aan mense te verduidelik watter impak nuwe wetenskap op hulle sal hê." Goeie, doeglike en interessante skryfwerk, soos van toepassing op alle joernalistiek, bly ook belangrik.

Die volgende uitdaging lê daarin om aan die storie persoonlikheid te gee. Die stories in April vanjaar oor prof. Lee Berger, bekende paleoantropoloog aan die Universiteit van die Witwatersrand, en sy negejarige seun, Matthew, se ontdekking van die *Australopithecus sediba*-fossiel, het lesers se verbeelding aangegryp. Die feit dat dit pa en seun was wat saam in die veld gewerk het, voeg 'n menslike element by.

Wetenskaplikes hou dikwels nie daarvan om self op die voorgrond te tree nie. Joubert glo vir hulle is die navorsing en resultate eerder as hulself belangrik.

Haar die ervaring wys egter die publiek wil graag weet wie die persone agter 'n deurbraak is. As die wetenskaplikes dit kan snap en meer bereid is om saam met joernaliste te werk, sal stories met meer passie aangebied kan word.

'n Volgende vraag is of wetenskaps-artikels moet dien as opvoedkundige werktuie? Vele wetenskapjoernaliste glo dit is nie spesifiek die rol van die media nie. Joubert meen dit is onrealisties om te dink mense kan opgevoed word deur die media. "Jy kan hoogstens wetenskap op die agenda plaas en mense bewus maak daarvan."

eHealth se Anso Thom probeer tog om die informatiewe en opvoedkundige byeen te bring. Mense met meer intense belangstelling in 'n veld kan 'n verskeidenheid publikasies raadpleeg, maar die "gemiddelde Suid-Afrikaner wat nie hierdie toegang het nie, maak ons rol as opvoeders belangrik. Wetenskap is kompleks en soms selfs vreemd – joernaliste moet dit aan mense ontsluit."

Wat dink die wetenskaplikes hiervan? Prof. John Ellis is een van die voorste fisici by die Groot Hadron-versneller, of LHC. Die reuse-versneller kruis die Frankryk-Switzerlandgrens ondergronds en versnel twee protonstrale na mekaar teen 99,99 persent die spoed van lig. Uit die hewige kop-aan-loop-botsings kan nuwe klein deeltjies gevorm word wat wetenskaplikes meer vertel oor die kleinste

ELLIS SÊ HY IS AANGENAAM VERRAS DEUR DIE BELANGSTELLING WAT SUID-AFRIKANERS EN DIE SUID-AFRIKAANSE MEDIA IN DIE LHC TOON.

boustone van ons wêreld.

Ellis glo wetenskaplikes het 'n verpligting teenoor belastingbetalers en kan die plig onder andere nakom deur middel van die media.

"Al ons fasiliteite word deur die wêreld se belastingbetalers belonds, dit is ons plig om aan almal wat betaal te vertel wat dit is wat hulle vir hulle geld kry."

Natuurlik is daar ook soms mense wat bang is sekere wetenskaplike navorsing hou gevare vir die publiek in. "Dit is wetenskaplikes se plig om ook op hierdie vrese te reageer." Ellis terg verder. "Aanvanklik was mense baie bekommerd oor die LHC, maar nou dat dit aan die gang is en niemand iets oorgekom het nie, is mense gemaklik met wat ons doen."

Ellis sê ook hy is aangenaam verras deur die belangstelling wat Suid-Afrikaners en die Suid-Afrikaanse media in die LHC toon. "Dit het al gebeur dat ek in 'n taxi klim en mense vra wie ek is en wat ek doen. As ek vertel ek is van die LHC, 'ons is die mense wat die wêreld gaan opblaas', is die reaksie gewoonlik, 'ah cool, ja, ek het al daarvan gehoor'."

Hy moen wetenskapjoernalistiek word dikwels gedryf deur mense se belange by 'n saak. In die geval van die LHC het Suid-Afrika 'n groot belang daarby. Daar is groepe by die Universiteit van Kaapstad en iThemba Labs wat saam met ons werk. Selfs die Suid-Afrikaanse regering sien die belange hiervan raak.

"Ek dink daar is 'n redelike hoeveelheid positiewe mediadekking vir wetenskap, natuurlik nie genoeg nie, maar my hoop is dat sommige kinders as gevolg van die media-aandag wetenskap sal begin oorweeg as 'n moontlike loopbaan of ten minste sal dink dit is interessant."

Ellis is nie alleen in sy hoop om wetenskapbelangstelling te bevorder nie. Die Suid-Afrikaanse Agentskap vir Wetenskap en Tegnologie (Saasta) is as deel van die Nasionale Navorsingstigting (NRF) in Desember 2002 in die lewe geroep. Hul mandaat is om die publieke bewusmaking, waardering en interaksie met wetenskap en tegnologie in die land te bevorder.

Op hulle webtuiste word die oogmerk van wetenskapkommunikasie verduidelik:

SEDIBA-SENSASIE.



Die ekspedisie begin.

Op 15 Augustus 2008 verken prof. Lee Berger saam met sy kollegas prof. Paul Dirks, dr. Job Kibii en 'n span van meer as 50 wetenskaplikes die Malapa-terrein in die Wieg van die Mensdom. Berger se seun, Matthew, en hul hond Tau is ook deel van die geselskap.



Negejarige Matthew Berger by die fossiel wat hy ontdek het. Op die stadium besef hy nog nie die waarde van sy vonds nie. 'n Tweede fossiel van 'n hominiedspesie word ook die dag deur die span ontdek.



Twee jaar later is die klassifikasie voltooi. Op 8 April 2010 word die fossiele van die nuwe hominiedspesie *Australopithecus sediba* deur dr. pres. Kgalema Motlanthe en prof. Lee Berger by Maserberg onthul.



Die navorsingsartikel verskyn in die 9 April-uitgawe van die bekroonde vakjoernaal, Science.

lik. Op baie vlakke het wetenskap teen so 'n tempo ontwikkel dat die publiek nie daarmee kan tred hou nie. Binne die wetenskaplike gemeenskap is daar 'n toenemende bewustheid van hul eie plig teenoor die publiek. Hierdie wetenskaplikes het egter die hulp van joernaliste nodig.

Daar is 'n groot behoefte daaraan om nuwe effektiewe massakommunikasie te ontwikkel wat beide die wetenskap en publiek sal bevoordeel. As wetenskaplikes nie deur middel van joernaliste met die media skakel nie, gryp antiwetenskaplikes die geleentheid aan. Wanneer wetenskaplikes wegstroom van die media word wantroue en onkunde van wetenskap dus net aangevuur.

Duidelik is Suid-Afrikaanse wetenskap-joernaliste gereed om hierdie uitdaging aan te gryp. Hulle het hulself groepeer as die South African Science Journalists' Association (SASJA), 'n nie-winsgewende, nie-regeringsverbonde organisasie wat 'n basis vir goeie bande tussen wetenskap-joernaliste hou en die bevordering van wetenskapverslaggewing ten doel het.

Joubert vertel die organisasie is nou amptelik die Suid-Afrikaanse tak van die World Federation of Science Journalists (WFSJ). "Die WFSJ hou elke vier jaar 'n massiewe konferensie." Die volgende een is Junie 2011 in Kaïro. Die SASJA kyk nou reeds of hulle 'n groepie bymekaar kan maak om die konferensie by te woon. ■

Nader aan jou lyf

Hoe dig is DNA?

Die DNA in ons selle is so styf opgerol dat as 'n gemiddelde mens al sy DNA afwen, dit meer as 6 000 keer die afstand maan toe is.

Hoe vinnig beweeg lig?

Lig beweeg teen ongeveer 1 080 miljoen kilometer per uur. Dit is meer as 3 miljoen keer vinniger as die vinnigste kar.

Wat weeg 'n neutronster?

Materie binne 'n neutronster is so dig dat 'n teelepel daarvan op aarde 'n paar miljard ton sal weeg.

Hoe groot is 'n nanovesel?

Nanovesels is 'n honderdste van 'n haar se breedte.

Hoe werk 'n virus?

'n Virus op sigself is 'n leweloos, maar binne-in lewende selle kaap hy die beheersentrale van die sel en maak verskeie kopieë van homself. Op dié manier word die stuur by die gasheersel oorgeneem en gehoorsaam selle die virus.

Op reis na die sterre?

Moenie pak vir 'n week of maand nie. Pak vir ten minste 70 000 jaar – die reistyd na die naaste ster verby ons son met ons vinnigste ruimtetuig.

Hoe lyk die verlede?

Kyk op – van die verste afgeleë sterrestelsels wat van die Aarde af gesien kan word se lig het al miljarde jare gelede die sterre-stelsels verlaat.

En die toekoms?

Twintig jaar gelede was 'n kernoorlog in almal se gedagtes, maar vandag is baie kenners dit eens dat die oorlog van die toekoms oor kos en water sal wees.

FOTO's vanaf Maropeng-reeblaby, www.maropeng.co.za

The New York Times

... Human Achievement: First World War
in South Africa



Vanaf 9 April berig die Suid-Afrikaanse en internasionale media oor die vonds. In die nuwebylae verskyn infografika om te verduidelik waar die nuwe skakel inpas.



Kompetisietyd:

11 April 2010 open 'n landswye kompetisie vir skoolleerders om 'n naam vir die fossielieseun te vind. Die prysgeld is R100 000 waarvan R25 000 aan die skool en R75 000 aan die wenner se studies gaan.

1 Junie 2010 word die wenner aangewys. Prof. Berger vertel: "Dit was ongelooflik om te sien hoe die land se kinders deelgeneem het." Die finaliste verskyn hier saam met prof. Berger, sy seun en personeel van die Paleontological Scientific Trust (PAST).



Die wenner, "Karabo", is deur die 17-jarige Omphemetse Keopile van St Mary's School voorgestel. Dit beteken "antwoord" in Tswana. Hier wens Wits Vise-Kanselier, prof. Loyiso Nongxa, vir Omphemetse Keopile geluk.



Sokkertoernooi:

Die vroue-fossielieseun word vanaf 11 Junie vir die eerste keer by Maropeng uitgestel.

"Die gerasaamte gaan groei tydens die Sokkerwêreldbeker," het Berger vertel. Dit beteken meer en meer gedeeltes is week vir week vir die duur van die sokker bygewoog.

JUMPING TO THE FUTURE



A line has been drawn in the sand.

On one side lies the printed press, on the other, a techno-savvy media. Is the traditional press making an evolutionary leap across the line that divides it from a new market? HEIN SCHOLTZ looks at the current state of affairs in the South African mediascape.

There has been a lot of speculation in the Western press in recent years about, well, the Western press. Topics of newspaper death have echoed down the halls of global editor forums since the early 2000s (visit www.wan-press.org to see what the hoopla is about). The printed press has been waiting with bated breathe since hearing the news of newspapers closing down, wondering if they would be next.

According to Sir Tim Berners-Lee – the inventor of the World Wide Web – the advent of the internet and the free flow of information it facilitates had altered the gatekeeper function that the press has played in society, because it is no longer the only source of credible news. Berners-Lee heads the World Wide Web Consortium (W3C), which runs the critical body whose function is to help navigate the Web's development.

Editors at the World Editors' Forum claim to be charged with not only upholding high journalistic standards but also aiming to maintain a profitable press venture, and have become exasperated at the decline of advertising in the printed press – especially newspapers – and many Western newspapers and magazines have had to downsize considerably just to make ends meet. This was echoed on TechnoCrunch.com, which reported a massive US\$ 7.5 billion (R48 billion) collective revenue loss for American newspapers in 2008, due to a decline in advertising. Given the current trough the Western press finds itself in, one wonders:

"What is the South African situation?"

Status quo

In a recent lecture at the journalism department at Stellenbosch University, Naspers Managing Director Koos Bekker highlighted the situation in which the South African printed media is in: "The problem is, of course, the dwindling advertising in print publications like newspapers and magazines. This could have been smartly mitigated had we had a different mediascape – lending its character to the literal lay of the land." Bekker was referring to the large distances between urban centres in South Africa and the production and distribution centres.

"We barely break even with cover prices on our publications, only being able to cover the production and high distribution costs involved in the South African printed press industry." In other words, Bekker alludes to it being a numbers game.

When asked about the recent journalist downscaling in Media24, a Naspers company, Bekker replied that because the other expenses such as salaries are tied in with advertising sales, poor advertising sales would indeed affect the employability of journalists working for Media24.

Willem Breytenbach, publisher of family magazines for the Media24 group, echoes these sentiments. "Of the 78 titles that Media24 publishes, only a handful are profitable. The onus rests on the publisher to maintain diverse titles for a diverse market, but it gets harder with each passing day because a few titles carry the rest of the group when it comes to profit-making."

This advertising problem is compounded by a decline in title sales too, with other media houses like Avusa and Independent Newspapers also reporting a downward trend in vendor sales.



TECHNOLOGY ADOPTION

Pundits and Bekker himself regard the internet and advancing mobile technology as reasons for this loss of readership and advertising in traditional printed press, even though they admit the situation is not nearly as serious as in the developed world.

But where are the readers going, and why?

The rise of mobile communication

South Africa is unique in being one of a handful of developing countries that has surpassed the 100 per cent mobile saturation mark, according to a recent Telkom survey. This literally means that there are more mobile phones in use than there are people.

A recent survey by World Wide Worx, led by Arthur Goldstruck, has indicated that at least 9 million of these are internet-ready phones, allowing some form of WAP or 3G connection. This, coupled by the ever popular promotions of smart phones by service providers such as Cell C, MTN, Virgin Mobile and Vodacom, indicates a positive growth for the future of this trend.

Gert-Jan van Rooyen, who heads the MIH Electronic Media Lab at Stellenbosch University, terms South Africans a leapfrogging nation when it comes to the adoption of technology.

"South Africa literally leapfrogged the first technological wave, being that of the first personal computers, and went right to the next advancement, being cellular mobile telephones."

He echoes the "geographically spread out" sentiment shared by Bekker, whereby the long distances between urban centres in the developing country had influenced the adoption of technology.

"With such a diverse economic demographic, and societal pressure to adopt new technologies, it makes sense then that mobile technology – in the form of cellphones and now, smart phones – would be the most rapidly growing technology."

Social media and the internet

South Africa has recently passed the 10 per cent internet access mark (November 2009 Telkom survey), whereby roughly 5 million people have some form of internet access via a computer. This, with WAP and 3G-enabled mobile phones, gives you almost 15 million single internet entry points within the country.

According to media commentator Herman Manson, it would only make sense that these entry points would become the go-to action when searching for information.

"The creation of local news websites, such as News24 and the newly launched SABC news site, quite literally makes it a schlep to have to buy anything in the printed form."

Manson is one of the first publishers in the South African mediascape to have countered this and the rising costs of production and distribution costs of printed media by creating an online magazine, *Mark*.

Internet rates are starting to fall in line with Western prices, making this affordable too, with MTN, Vodacom and Telkom offering internet packages at less than R100 per month at the moment.

This, according to Van Rooyen, together with the strong 3G network that fuels South Africa's burgeoning mobile media market, is set to influence the readership of the traditional press, as well as provide a different entry into the press by the younger generation.

The recent Friendship 2.0 survey conducted by MyBroadband.co.za showed that near the end of 2009, around 82 per cent of all South African young adults over the age of 16 who have regular access to the internet have a Facebook profile that they visit regularly. The survey shows that at least 38 per cent of social network users use their cellphones to log in. This and the use of Twitter in South Africa shows, according to Van

Rooyen, just how interesting the leapfrogging aspect of technology adoption in South Africa can be, where a developing country can match developed nations with social trend adoption because of a strong mobile technology infrastructure.

This strong mobile presence in South Africa has only recently been taken seriously, with most media institutions now offering mobile-friendly navigable web pages. This has, according to the Social Media and Online Survey done by World Wide Worx at the end of 2009, helped place South Africa among developed nations when it comes to online ad spend.

According to the the latest media trend research by the South African Advertising Research Foundation (July 2009–June 2010), a decline in newspaper reading was confirmed and internet and social media usage has seen a marked increase. Funnily enough, magazines have seen an increase in readership too, in both off-the-rack and subscriber bases.

How can these trends be ameliorated with the current market? Avusa have unveiled their digital strategy in their 2010 annual report, showcasing a concentration of organic projects (read: growth). They claim mild success with their first two projects, TimesLive and their online retail store, but are vague when it comes to potential projects for the future. Independent Newspapers have had their website IOL running for close to eleven years and have only recently changed their online layout to include videos and user-friendly content. The most ambitious of South African projects, however, seems to be the one that Media24 is currently researching.

SOUTH AFRICA'S STRONG MOBILE PRESENCE HAS ONLY RECENTLY BEEN TAKEN SERIOUSLY

iPad revolution?

Media24 seems to have taken the survey to heart, and they are busy with a project to help launch the iPad in South Africa – with a twist: They want to make magazines and newspapers available, in their current format with advertisements and all, on the iPad.

According to Rudi Hofmeister, the business manager of the project, the time seems right to affect a change in the South African mediascape.

"We plan to issue subscriptions for our titles, just like in the past, but this time you get an iPad with it with which to view your media content."

Leonora Redelinghuys, technical head of the project, adds that since South Africa is a fast Apple technology adopter (as compared to similar developing countries with the same demographics), it would make sense to use the iPad instead of similar technology like the Amazon Kindle.

Willem Breytenbach says the project is not necessarily meant to replace print publications at the moment (owing to the vastly diverse readership demographic), but rather to provide a new option in which subscribers can enjoy content and new technology.



The iPad looks set to transform, at the very least, how media content is viewed on traditional mobile technology, allowing immediate interaction between user and content, taking the touchscreen to a new level. You can use your fingers to navigate between pages of a magazine, and tap on a picture to select, and then enlarge it, or follow a link at your whim without having to turn to a personal computer. This is in line with discussions held at the W3C, where a push is being made towards Web 3.0 – a term used to denote how the world wide web has been evolving from a mainly content-driven and static platform, to a more user friendly and interactive platform.

more: www.digitaltrends.com

Robert Niles of the *Online Journalism Review* mentions in his article "Will Apple's iPad save the news industry?" that his guess if the iPad will revolutionise traditional print is a general no. He states that, if a publisher is seeking to increase their revenue by including a new publishing platform, it should:

- replace a previous platform, allowing the publisher to reduce access to its content, and thus, increase price
- the new medium should also expand availability of its content, allowing entry into a new customer market, so as not to divide an already established readership
- content should be suitable for the medium, thereby increasing both the new medium's desirability, as well as public demand for it.

He says that the iPad thus only provides a different option (albeit digital) and not a new platform, and thus more work should go into generating better content than increasing the platforms or mediums through in to publish, if the main goal is to generate revenue.

1 Million

iPad apps downloaded in first 24 hours



Steve Jobs has a rare need to say in a moment just after the launch of the iPad. More than a million applications for the iPad had been downloaded within 24 hours of the iPad launching and applications being made available for it through the Apple Online Store. It is rumoured, he said, in the run-up to the launch, that "this is the most important thing that I have ever done". Funny enough, the new Apple tablet technology comes with a catch – porn will apparently not be allowed on the new medium. This has drawn heavy criticism for a medium that claims innovation, but that blocks the most innovative media sector, according to Tom Forenski on memeburn.com.

Source: www.gottobemobile.com

Looking to the future

Herman Manson echoes Robert Niles' opinion and says that, if revenue were the main driving force behind launching the iPad as a subscriber-based digital alternative to magazines and newspapers, it would probably not give the desired results.

This also builds on the lax way in which the South African market has received the iPad thus far.

The South African technology and social media blog memeburn.com recently reported that Namibia has launched the iPad through its MTC mobile network.

When told that the iPad is not yet freely available in South Africa, a receptionist at MTC chuckled, saying: "At least we are ahead in something."

Whatever the iPad's future in South Africa, mobile technology in the form of WAP and 3G technology still claims to be the growing medium of the masses.

Manson maintains that growth will still be seen in the mobile sector for the considerable future.

"It would be wise for any form of press to invest in more mobile user-friendly content, especially if they want to reach the majority of the literate demographic." ■

A case for the iPad

According to discussions at the World Editor's Forum, the following points have been highlighted:

According to Van der Westhuizen the volunteers' hard work was a wonderful example to all South Africans. "I really hope the government, on a national, provincial and local level, will make the effort to get the volunteers, who helped during the World Cup, involved in other projects as well."

Even though the volunteers might have given their best, when helping FIFA and South Africa make the World Cup a success, the question remains: Did the media do its best to shed some spotlight on volunteers working hard behind the scenes?

Whether or not soccer fans, government and the media will remember and recognise the work of volunteers in the 2010 FIFA World Cup, is something one can only hope. At least FIFA Organising Committee officials Mjo and Craig say they will forever remember the volunteers and cannot thank them enough for their hard work and commitment. ■

PHOTO: Running Wolf



Of course, Son readers
enjoy their wine.



The same way you do.

Our readers value their faith – whether Muslim or Christian – so they value family and community life. In fact, 45% of Son readers are married, 47% are single and only 8% are divorced or widowed. They believe in good living that isn't in excess and place

great significance on education and advancing in their careers. And if their culture permits, they'll raise a good quality, modest glass to life. So if you want to reach 984 000 readers who make the most of life every day, **think again. Think Son.**

Son

Son

ads24

JOHANNESBURG 011 259 1700 • CAPE TOWN 021 406 2449 • DURBAN 031 533 7600 • www.ads24.co.za

Source: AMPs 2010, 1 July 09 – June 10

PORNO NOODKREEK

as die smetsmouse sukkel
moet die hoofstroom skrik



Deesdae word meer porno as ooit vantevore gekyk. Meer as 'n derde van alle webblaaie is pornografies. Tog sukkel die reuse van die porno-bedryf om geld te maak. GEORGE MILLER penetreer dié geheimsinnige bedryf en vra hoe nou vir porno.

Dit is 'n vreemde dag wanneer die pornografiese bedryf probeer om 'n morele troefkaart te speel. Dis wat herhaaldelik deur my gedagtes flits terwyl ek na 'n rekenaarvideo van verskeie bekende porno-aktrises kyk wat met smekende pieringot in die kamera staan.

Bale mense sal voor die versoeking swig om hulself in porno se swaarkry te verheerlik. Hulle beskou dit as die swartskap van die medialandskap, 'n uithutende, super-kapitalistiese bedryf waar slegs die genadelose reëls van vraag en aanbod geld.

Die publiek se toenemende onwilligheid om vir digitale seks te betaal, het daarin geslaag om die normaalweg robuuste porno-bedryf op sy knieë te dwing. Dit is iets wat verskeie morele drukgroepe en staatsreguleerders nie kon regkry nie. En anders as die lomp pogings van laasgenoemde, slaan

rekenaarbleeksiele vir porno op die inkomstestaat, die een plek waar die bedryf dit beslis sal voel.

'n Dinamiese bedryf

Porno is deesdae 'n dinamiese internasionale bedryf. Dit is onseker wat die bedryf se jaarlikse omset is. *Forbes*, 'n gesaghebbende finansiële tydskrif, bevraagteken Paul Fishbein, die uitgewer van *Adult Video News*, se skatting dat die bedryf 'n omset van \$12 miljard (R90 miljard) het.

'n Plaaslike internetstrateeg wat anoniem wil bly, glo die bedryf is ongeveer \$4 miljard (R30 miljard) werd, waarvan 'n raps meer as \$1 miljard (R7,5 miljard) deur internet-porno bygedra word.

Hoe dit ook al sy, die bedryf is groot, en aangesien die meeste porno deur privaat-beheerde maatskappye vervaardig





FOTO: celebritysmackblog.com

**VERKOPE VAN
PORNO-DVD'S
HET IN 2005 'N
HOOGTEPUNT
BEREIK
TOE 'N BEWEERDE
R28 MILJARD SE
DVD'S IN AMERIKA
VERKWANSEL IS.**

word, sal daar waarskynlik nie binnekort eenstemmigheid oor die omvang van die bedryf se omset wees nie.

Iets waaroor daar min teelstribbeling bestaan, is dat porno se orgie van superwinste verby is. DVD- en video-verkope was vir jare die bedryf se grootste bron van inkomste. DVD-verkope het in 2005 'n hoogtepunt bereik toe 'n beweerde \$3,8 miljard (R28 miljard) se DVD's in Amerika verkwansel is.

Volgens Claire Hoffman van *Portfolio*, 'n aanlyn-saketydskrif, daal verkope sedert 2006 jaarliks met 'n dubbelsyferpersentasie. Tot dusver kon die ander bronne van porno-inkomste, soos tydskrifte, webblad-subskripsies en betaalkanale, nie naastenby daarin slaag om vir die sterk daling in DVD-verkope te vergoed nie.

Die porno-bedryf se krisis lyk dalk na 'n welverdiende loon. Die realiteit is ongelukkig nie so eenvoudig nie. Die bedryf se verbete oorlewingstryd is 'n waarskuwing en 'n rigtingwyser vir talle sukkelende mediamaatskappye in die internet-oerwoud.

Porno se huidige krisis spruit uit 'n ongewone probleem: 'n onvermoë om by 'n belangrike ontwikkeling in kommunikasie-tegnologie aan te pak.

Porno en tegnologie was nog altyd goeie bedmaats. As daar een ding is wat pornografiese verval goed doen, is dit om vinnig uit te vind hoe nuwe tegnologie winsgewend benut kan word.

Frederick Allen skryf in *American Heritage Magazine* elke nuwe kommunikasie-tegnologie sedert Gutenberg se drukpers is byna onmiddellik vir porno aangewend.

Volgens Allen het porno se wederkerige liefdesverhouding met tegnologie veral sedert die 1950's gedy. Jonathan Coopersmith, 'n tegnologie-historikus van Amerika, beskryf in sy artikel "Pornography, Technology and Progress" die wyse hoe pornografie aanvanklik 'n deurslaggewende rol speel in die aanvaarding van nuwe tegnologie en hoe dit later, ná die populariserings van die tegnologie, steeds 'n leidende rol speel in die verdere ontwikkeling daarvan.

Die koms van video – en later DVD – het porno se goue era ingelui. Porno is voorheen in volwasse filmteaters gekyk, wat baie nuuskieriges daarvan afgesit het. Volgens Allen het video beteken pornografie kon tuis in relatiewe privaatheid gekyk word. Die mark

vir pornografie het ontplof. Terwyl hoofstroom film-ateljees en TV-netwerke gorrées het dat die video-revolusie hul ondergang sou beteken, het die porno-bedryf floreer.

Die internet en porno is nou vervleg. Luidens 'n onlangse verslag deur Optenet, 'n maatskappy wat internetsekeriteit verskaf, is 37 persent van alle webblaaie pornografies. Die aantal porno-blaaie het gedurende die eerste kwartaal van 2010 met 17 persent gegroei vergeleke met die eerste kwartaal van 2009.

Die internet was aanvanklik vir die porno-bedryf nes video: 'n opwindende nuwe medium wat die belofte van reuse winste ingehou het. Die oorspronklike internet-besigheidsmodel was eenvoudig. Porno-vervaardigers het .com-webwerwe geskep waar internetgebruikers vir 'n intekenfooi, gewoonlik maandeliks maar soms eenmalig, na hartelus foto's en video's kon kyk en aflaai. Webwerwe vol skakels na gratis foto's en video, gewoonlik van 'n swakker gehalte, is gebruik om die kommersiële webwerwe te adverteer.

Volgens Hoffman het Vivid.com, die webwerf van Vivid Entertainment Group, die grootste vervaardiger van porno-DVD's ter wêreld, in 2007 amper 40 000 intekenare gehad. Die intekenare het elkeen 'n fooi van \$30 per maand betaal. Die vervaardiger funksioneer soos 'n Hollywood-ateljee. Dit sluit eksklusiewe kontrakte met porno-supersterre soos Jenna Jameson en Jill Kelly in en fokus op hoe-gehalte porno's met duur stelle, relatief komplekse storielyne en grootskaalse bemakingsveldtogte.

Vivid en ander knosse van die video-era, soos Hustler, Evil Angel en Wicked Pictures, was reeds voor die internet-era gevestigde maatskappye met sterk handelsmerke. Die maatskappye kon daarin slaag om die intekenar-gebaseerde besigheidsmodel te volg.

Die opmars van die amateurs

Die verstommende spoed waarteen verbruikertegnologie soos rekenaar, digitale kameras en sagteware vir redigering ontwikkel en vrylik beskikbaar word, het die porno-kolosse van die video-era se monopolie op vervaardiging en verspreiding vernietig.

Volgens proff. Kal Raustiala en Chris Sprigman, twee Amerikaanse immateriële goederereg-spesialiste wat gereeld

**KOLOSE VAN DIE
VIDEO-ERA KAN
OORLEEF DEUR DIE
WAARDE VAN HUL
HANDELSMERKE
VERDER TE
ONTSLUIT.**

bydraes lower op die *New York Times* se Freakonomics-blog, kan enigiemand met wilde fantasieë, gewillige lyfse en toegang tot 'n hotelkamer homself deesdae 'n pornograaf noem. Die vervaging van die grens tussen amateur en professioneel beteken enige produksie, ongeag hoe amateuragtig of nagedrewe, sal waarskynlik jereers 'n gehoor vind. Die vraag is: Sal die gehoor in die anargistiese Web 2.0-era nog bereid wees om daarvoor te betaal? Raustiala en Sprigman noem immers die internet 'n "masjien vir outeursregskending".

Op pad na volmaakte mededinging

Die mark vir internet-porno het byna geen beperkings om potensiele toetreders uit te hou nie. 'n Skerp toename in mededinging tussen derduisende pornograwe wat almal min of meer genareise porno smous, het veroorsaak dat individuele vervaardigers se porno-winsse daal. Webwerwe het hul intekenfoole verlaag of afgeskat, en verskeie vervaardigers het begin om saam te span en subskripsies vir porno-boekette te verkoop.

Web 2.0 is 'n beskrywing vir die opbloei in gebruiker-gecentreerde en -gegeneerde webtuistes wat sedert 2005 aan die voorpunt van die ontwikkeling van die internet staan. Anders as die statiese, outoritêre webblaaie van die Web 1.0-era, is gewilde webwerwe soos MySpace, Facebook en YouTube uiters gebruikersvriendelik en interaktief.

Die gemak waarmee internet-gebruikers video's op YouTube kan laai of kyk, lok daaglikse miljoene kykers. Die groeiende vraag na gratis stromende (en natuurlik stromende) porno-videos het gelei tot die skop van 'n groot aantal pornobuis-webwerwe. Hierdie webwerwe boots YouTube se eenvoudige koppelvlak na en bied die porno-ekwivalent van YouTube se video-verskeidenheid, vanaf amateuragtige selfoonvideo's tot roofweergawes van groot ateljees se nuutste treffers.

Gewilde pornobuise soos YouPorn, PornTube, Redtube en Xtube spog met meer besoekers as hoofstroomwebwerwe soos dié van CNN en die *New York Times*. Hierdie gratis pornobuise tel tans almal volgens Alexa, 'n webwerf wat internetverkeer monitor, onder die 100 gewildste webwerwe op aarde. Vivid.com is 'n relatiewe web-dinosourus wat net-

net in die top 20 000 ingip.

Anders as die porno-vervaardigers se sukkelende webwerwe, het die eienaars van die pornobuise 'n ongeërgde houding as dit kom by die monetisering van hul webwerwe. Die rede hiervoor is eenvoudig: Bykans alle inhoud word deur die webwerwe se gebruikers gegenereer, daarom dra die webwerf-eienaars nie enige produksiekoste nie.

Die oorgrote meerderheid van gebruiker-gegeneerde inhoud is roofkopieë van bestaande produksies. Nes YouTube doen die pornobuise byna niks om die outeursregskendings te stop nie. Tot dusver was daar nog min litigasie, en dis onwaarskynlik dat hofsake 'n langtermyn-oplossing bied. Volgens Raustiala en Sprigman sal die porno-bedryf, nes die musiekbedryf, sukkel om digitale plundersaars op dié tradisionele wyse af te skrik. Sodra een webwerf moet sluit, spring twee nuwes soos kuberpaddaantoele in sy plek op.

Die professors stem nie saam met die Free Speech Coalition dat outeursregskending en die digitale rewolusie die bedryf gaan doodmaak nie. Hulle meen wel die bedryf gaan 'n drastiese verandering ondergaan.

Vivid en klie. kan waarskynlik oorleef deur die eksklusiwiteit van hul handelsmerke verder te ontsluit. Volgens die professors beteken dit meer reklame, supersterre en die vervaardiging van konsepgedrewe kykstof, sons 3D-porno. Kleiner vervaardigers sal hulle op die vervaardiging van korter video's in plaas van vollengte produksies moet toespit. Vir die meeste kykers is porno in elk geval 'n nutsprodukt wat binne vyf minute sy hoofdoel kan bevredig.

Techdirt, 'n tegnologie-blog, beweer vervaardigers en die eienaars van pornobuise kan meer advertensies in hul gratis porno plaas. Dit skep dan die geleentheid om 'n freemium-besigheidsmodel te volg waar gebruikers kan kies tussen gratis porno met advertensies of advertensielose porno teen 'n fooi. Volgens Raustiala en Sprigman is materiaal soos lewendige kletskamers wat moeilik gekopieer kan word, 'n ander opsie vir vervaardigers.

Daar is egter geen waarborg dat die strategieë sal werk nie. Die enigste voorspellings wat met 'n mate van sekerheid gemaak kan word, is dat die bedryf vir die afienbare toekoms gaan sukkel, maar waarskynlik nooit sal verdwyn nie. ■



MOENIE MAAK ASOF JY NIE **JAGS** WORD NIE.



**Waarom bloos
Afrikaners
so vir seks-
stories? LUKE
GERTENBACH
het probeer
uitvind.**

Tannie Koek woon op 'n godverlate plaas in die Karoo. Sy leef vir Sondag, want dan klim sy en oom Koos in sy bakke en hulle ry in dorp toe vir kerk. En dan kan sy die *Rapport* koop. Joost en Amor se sekskapades is alweer op die voorblad. Tannie Koek is boos.

Sy skryf summier 'n brief. Dit lui: "Liewe *Rapport*, hoe durf julle? Het julle nie nou al arme Joost en Amor se lewens genoeg verwoes nie? Hou julle neuse uit die arme twee mense se sake! Joost, jy bly my held. Hou jou kop hoog! Ek weet dit is alles leuens. Tannie Koek."

Tannie Koek kan vir die volgende week nie 'n oog toemaak nie. Gaan haar brief gepubliseer word? En wat gaan gebeur met die hele Joost en Amor-storie?

"Sex sells"

Dit is nou maar eenmaal so – seks verloop as't ware soos soetkoek.

Volgens Liezel de Lange, nuusredakteur van *Rapport*, is daar 'n 20 persent styging in koerantverkope met 'n storie soos Joost s'n.

Maar is die obsessie met bekendes se sekskapades iets nuut?

Alé Smith, 'n lektor in kommunikasie-studies aan die Noordwes-Universiteit, sê navorsing wys mense se beheptheid met sensasie en bekendes is al in die 1500's opgemerk.

"In dié tyd het mense graag gelees van monsters, koninklikes en gruwelike moorde. Belangstelling in seks, skinder-nuus en *celebrities* is dus nie die media se skuld nie – dit is in die mens se natuur om nuuskierig te wees oor dié dinge.

"Mense stel van nature belang in ander mense."

Hannelie Booyens, senior skrywer by *Huisgenoot*, sê hulle is baie deeglik bewus van lesers se belangstelling in bekendes se skandes.

"Seks is 'n universele obsessie. Weens die invloed van Calvinisme is dit baie onder die oppervlak gedruk, en gee ons voor dat dit nie 'n groot dryfveer in ons lewens is nie."

Sy meen dit is tradisioneel 'n onderwerp waaroor daar nie openlik gepraat is in Afrikaanse huishoudings nie. Daarom is daar 'n fascinatie daarmee.

Sy sê egter dat seks nie altyd per se

gaan verkoop nie: "Daar moet 'n sterk morele onderbou wees. En 'n baie hoë profiel."

'n Mens kry bekendes en bekendes

Daar is diegene wat in Christelike tydskrifte verskyn en vir die volk vertel dat hulle die volmaakte familie-lewe lei. En dan in 'n video saam met 'n ontkleedanser verskyn.

Uit die aard van die saak moet sulke oneerlikheid onthloot word.

"Dit is die media se plig om iemand soos Joost van der Westhuizen te ontmasker, want hy ry op 'n reputasie wat hy nie werklik ervaar nie. Dié mense verkoop hulleself letterlik as 'n *brand* en kan nie dan só droogmaak agter die skerms nie," sê De Lange.

Sy voel egter die media sou nie noodwendig so te kere gaan as 'n sportster wat reeds omstrede is, sulke dinge aanvang nie. Sy argumenteer dat bekendes wat nie maak asof hulle onkreukbare privaatlewens het nie, nie aan sulke hoë morele standaarde gemeet sal word nie.

Booyens sê *Huisgenoot* het oor die jare baie in Joost en Amor belê. Hulle is byvoorbeeld een jaar aangewys as die paartjie wat die meeste bewonder word.

"Joost het homself oor so 'n lang

tydperk as 'n familiemans met hoe morele waardes geskets.

"Toe die bom bars was dit duidelik in die openbare belang om te sê dat die rolmodel nie is wat hy voorgêe nie."

Dan is daar natuurlik die ou argument dat die media bekendes se lewens en huwelike verwoes wanneer omstrede stories gepubliseer word.

De Lange sê sy vind dit soms komies dat die eintse bekendes wat die meeste kritiek lewer teenoor die media, onmiddellik vir *Rapport* bel as hulle trou, hul kinders gebore word of wanneer 'n lint geknip word.

"Hulle kan nie die media manipuleer en dink ons moet alles skryf wat hulle wil hê ons moet skryf nie."

"En dan die oomblik wat hulle iets aanvang wat hulle nie noodwendig van die dakke af wil uitbastaan nie, dink hulle hulle kan die monster se mond sluit."

Booyens sê dit is maklik om altyd die media te beskuldig, want jy stel jouself by implikasie bloot.

"Dit is 'n klassieke geval van *shooting the messenger*. Daar is selde gevalle wat 'n mens regtig iemand se loopbaan sal verwoes. Die feite sou in elk geval op 'n ander manier aan die lig gekom het."

Die massas wat die monster voed

"Seks is die stapelvoedsel van die media," meen Rashid Begg, sosiologiese dosent by die Universiteit Stellenbosch (US).

"Media-instellings hou hulle vingers op die gehoor se pols. Hulle is bewus van die obsessie met seks – hulle sal nie 'n produk verkoop wat lesers sal ontstel nie."

Begg verduidelik dat lesers gewoonlik geraak het aan konstante blootstelling aan seks in die media.

"Kyk maar na die *kissing scenes* in die 1950's – vandag is dit 'n grap! Dit lyk asof die media vandag voortdurend die seks-tonele meer eksplisiet moet maak om die publiek se dors te les."

Begg voel die Afrikaanse lesers is geneig om meer godsdienstig te wees en dat dié norme lei tot 'n meer kannerwatewe uitkyk.

"Die Afrikaner is tradisioneel minder sekulier, minder liberaal en minder individualisties. Dus is hulle meer geneig om reëls van instellings soos die kerk te volg."

"Geloof is uit die aard van die saak een van die sterkste instellings wat waardes rondom seks op mense afdwing."

De Lange sê die ironie van die saak is

Rapport se lesers is geneig om te sê hulle stel nie belang in skandale nie, maar die verkoopsyfers wys beslis iets anders.

By *Huisgenoot* is dit dieselfde geval, meen Booyens.

"Mense sal sê hulle lees nie *Huisgenoot* nie, maar 'n mens sal sien hulle neem kennis van al ons groot stories. Stories soos vet Kareltye en die Wolkinders gaan amper in die volk se psige in."

Wat van privaatheid en die openbare belang?

Artikel 14 van ons grondwet waarborg elke persoon se reg op privaatheid.

Die media het dus nie die reg om absolute inweê te maak op bekendes se privaatheid nie.

"'n Bekende persoon se privaatheid is natuurlik baie minder as dié van 'n gewone lid van die publiek."

"Hulle stel hulself op 'n openbare platform en daar word dus sekere morele standaarde van hulle vereis," meen prof. George Claassen, ombudsman van Media24-gemeenskapkoerante en dosent in media-etiek aan die US.

Claassen sê die eerste oorweging moet altyd wees of dit in die openbare belang is dat mense sekere goed weet oor bekendes se seksuele lewens.

"In Joost se geval was dit duidelik in die openbare belang, want hy was besig om 'n dubbele lewe te lei. Sy oneerlikheid het dit geregverdig om dit te ontbloot."

"Die moontlike skade wat publikasie kan veroorsaak is 'n verdere belangrike oorweging – veral wanneer daar kinders betrokke is. Dit kan egter nie die alles-omvattende faktor wees nie."

Bekendes moet ook altyd die geleentheid gegun word om hulle kant van die saak te stel.

"Enkelbronjoernalistiek is swak en gevaarlik. Bekendes moet regverdig behandel word," sê Claassen.

Die volk hou toe tog van die "s"-woord

So, tannie Koek is nie alleen nie. En die mens se obsessie met seks is ook nie eie aan die Afrikaner nie. Almal wil dit sien. Almal wil dit hoor. En hulle wil daaroor praat.


Op die ou einde is die media nie die wortel van die kwaad nie. Dit is ek en jy, ons is die sondebokke. 'n Man is nie 'n klip nie. En 'n vrou is nie 'n akkoedis nie. Dalk is dit tyd om dit te erken. ■



SEX-POSÉ.



LOTEN PIENAR
investigates the way
in which the media
approaches the sex
industry and sex
workers.



Many sex workers sit. Sit and wait for work. Driving from Stellenbosch on the R310 Baden Powell Road to Cape Town, motorists often pass some of these women sitting next to the road. How are sex workers portrayed in the media and should journalists be treating them differently?

The 2010 FIFA World Cup hype is gone. The presses have cooled down and rumours about sex workers entering the country have been proven false. Sensationalist reports stated that 40 000 sex workers would enter South Africa. However, no one could explain where this number originated.

Dr Chandré Gould, senior researcher of the Institute for Security Studies, explained that the number had no basis in fact.

"The number of 40 000 has just arisen,

it was a comment someone from the central drug authority apparently made, an off the cuff remark, it was picked up by the media and then reported and reported on as often happens in the media with statistics in particular."

Gould said that she wants more focus on research about the issue of sex workers. "Unfortunately we know very little about the phenomenon, because few of these studies are national in scope."

A sex worker (25) on the Baden Powell Road, who prefers to remain anonymous, explains her work. "It's like almost every day, I only get off once a week. It is from ten to four. I am charging a fee of R70 for short time, that is for sex, but for sex and blow job it is R140 for both."

Making sex work your occupation has risks. The sex worker stated "condom bust" as risk. This could lead to sexually

transmitted infections (STIs) like gonorrhoea, herpes, syphilis and HIV/AIDS. Becoming pregnant is also a risk. She feels that she must constantly be on the lookout for threats.

"I must be scared because we meet different people. There is nothing I am protecting myself with. There are dangers involved. Like a client picks you up and we do our business and maybe he wants his money back again. It has happened many times."

She can't protect herself from exploitation. "How, nothing," she laughs shyly. "He is a man, I am a woman, you understand, yes. Just give the money back, that is all."

Her sensitivity to the media was illustrated when she thought that she was being photographed for this story. Another sex worker screamed that the man in the car was taking photos with a cellphone

The sex worker sensation



PHOTO: Lenn Pienaar

camera. Confusion, betrayal and fear gleamed in her eyes. "Wena a shooto? Is he shooting? She is saying that he is shooting, no this makes me scared now. Because people come, like you people, and then we end up in the newspapers," she said. Needless to say, the interview was over.

Sex workers claim photos of them are often used in stories about prostitution without their permission being asked, revealing their identities to family members. Some sex workers distrust the media because of these bad experiences.

Dianne Massawe is the advocacy officer and researcher for the Sex Worker Education and Advocacy Taskforce (SWEAT). Based in Cape Town since 1996, they work with issues of the health and human rights of sex workers. At the moment they focus on the Cape Metropole, Stellenbosch, Rustenburg and

Johannesburg.

Massawe explains sex workers' sensitivity to the media. "One of the things that we struggle with as an organisation is how to make use of the media. Many people who work with exploited people, or people on the margins of society, will tell you that the media plays a critical role but it can also be very damaging. A lot of the sex workers we work with have not told their families, and that has to do with the fact that the industry is criminalised. There is a lot of stigma involved around the industry and a lot of stereotypes. For them protecting their identity is very crucial.

"Some want to engage with the media, but if the media abuses and exploits this, it becomes harder for them to trust the media to tell their stories," Massawe says.

SWEAT says the reality is that people will always enter the sex trade.

"More than two thirds of sex workers are doing it for economic reasons. When one looks at the fact that South Africa has a 40 per cent unemployment rate, where you have graduates who are not able to find work, where the cost of life is increasing on a daily basis, what options are we really giving these women, some of who have not completed their education?" Massawe asks.

People can start making a difference to the way that sex workers are being represented. "Individuals can engage with the topic and start looking at the facts. They can write opinion pieces and people can start reporting when they see unscrupulous things happening.

"Try and understand why these people are making this hard decision. Even if we don't do anything, we can just judge less," said Massawe.

Sex workers and the media's representation

"I'm not here to judge," says Lester Kiewit, an eNews reporter who recently made a documentary on sex workers. He believes journalists should be guided by a standard code of ethics.

"Journalists should not be allowed to photograph sex workers without their permission. No person should be quoted without their permission. Sex work is an intimate and personal subject, use your head and the ethics provided when you report on them."

"There is legal recourse when this does happen. People can sue, or they can go to the Ombudsman."

According to Kiewit, it is easier to be sensational in television than in the newspapers.

"It's easier to bring forward your own subjective viewpoint on television in the way you capture the event," he explains. However, he does feel each journalist is responsible for the way they portray sex workers.

"The journalist must live with his or her conscience. I believe objectivity is but a myth. We are stuck with our own thoughts and the best that we can ask for is that reporting is fair and balanced. When I report on sex workers, I try and be as open-minded as I can be, to use the facts I have and stick to the truth. As humans we talk about sex, it is never going to change. People will always be

fascinated by the dirty side of life and they will always be attracted to it."

Carolyn Kueppers (32) is busy with her PhD at the Ludwigs Maximilians University in Munich, Germany. Her topic is "Discourses on sex work, enslaved prostitution and human trafficking during the Football World Championships in 2006 and 2010: An intersectional comparison of Germany and South Africa". Kueppers has been doing field work in Cape Town and Johannesburg since March. She also volunteers as an intern at SWEAT and is assisting in the research programme about sex workers.

In her opinion, publishing photos or articles without consent is unacceptable.

Kueppers said that sex workers were very upset and afraid of the media, after pictures were published without their consent. "During interviews with sex workers, they were very anxious about me recording their stories. They said they don't want their pictures taken or anything of the recordings published or broadcasted."

"Most of them are mothers and they need to support their children. It is one of the only ways in which they can make money. It is often the choice between either stealing or selling a sexual service."

The sensational approach to stories about sex workers is wrong, feels Kueppers. "I think it is very important to accept the reality! I find it very strange, that everyone wants to get sex workers off the streets. I think it is a decent job and if a woman chooses to do sex work, we have to accept that and support her in doing her business as safe as possible. I criticise the sensationalism and victimisation, but this means rather accepting reality and trying to help as much as possible by giving sex workers agency – let them speak themselves, let them tell, what would help them – be it leaving the industry or be it working safely!" said Kueppers.

She believes that as long as clients will pay for sex, sex workers will sell it.

"When people hear that it is a victim that has been trafficked then it is OK, but it is not OK to be a sex worker. This shows the double standards that people often adopt when judging people."

"We should treat each case individually. We should listen to all sides, respect what they want to talk about, see all perspectives, and give them a voice instead of just calling them victims. The reality is that there are also sex workers,



This woman was locked up in a small room by her boyfriend. The man would come and fetch her in the evenings and take her to go and stand on the street.

PHOTO: Earl Coetzee



She had to use a bucket as a toilet and did not have food to eat.

PHOTO: Earl Coetzee

especially those who work in upper class brothels, who are happy with their jobs. There are a lot of emancipatory women who choose to do that."

Society constructs the way we feel about a lot of topics, Kueppers explains: "It is ironic that genitals are the most private and yet the most publicised. You don't hear a lot about feet or legs. The vagina is more vulnerable than hands, but because society constructed it that way."

Kueppers feels there are other issues that must be solved before judging people about sex. "Some choose to do sex work rather than to sell groceries as they make more money. We should support women in their decisions, instead of telling them what they want to do."

Earl Coetzee, a journalist from *Volkshad*, has been writing various articles about sex workers since January this year. "I started writing about them, because Bloemfontein's biggest sex and drug hole was right across from *Volkshad*'s offices. The women usually stood in front of the building and sometimes I started talking with them. Many of them told me what they do and why. They really need money because of circumstances at home."

"When I started to know the women better, some of them told me how they are exploited."

"One night, a colleague and I were standing in front of the *Volkshad* building and we saw how a man almost beat a woman to death. The rest just stood and watched."

"The next week there was an article in the newspaper and the provincial police spokesperson was quoted. He said that human trafficking and prostitution is not such a big problem in the *Vrystaat*. I knew differently, because the women told me how many of them came from Port Elizabeth and how they got here."

"I phoned one of my colleagues in the police's Intelligence Unit and he gave me more information about the women and the traffickers," Coetzee explained.

"I definitely don't like the way certain journalists write about sex workers. The women have confirmed my suspicion in this regard. There have been numerous times that I tried to speak to sex workers and they refused because *Daily Sun* previously spoke to them and showed them in a very negative light. When they hear that I am writing for *Volkshad*, they are more willing to speak to me, because I follow a more positive approach."



My interview with a sex worker on the Barden Powell Road outside Stellenbosch. (SARPHC) Loren Pienaar

"THE VAGINA IS MORE VULNERABLE THAN HANDS, BUT BECAUSE SOCIETY CONSTRUCTED IT THAT WAY"

"It is important to follow a positive approach to writing about sex work, because they are just people trying to make a living. Some of them have no choice because they are forced and are caught in the world where they are threatened and beat-up and like in the case of Pulane Sikisi, even murdered," said Coetzee.

In response, *Daily Sun*'s publisher, Deon du Plessis, says that their publications are guided by the views of the target market and "nobody else's".

"Prostitution is not acceptable in our market. It's seen as immoral."

"It's seen as contrary to Biblical teaching. It offends the conservative and still traditional code that guides much of township life. It's seen as cheapening the human body. It's seen as an agent of social decay, including HIV/Aids. And it's seen as leading to even worse excesses, like violence."

In the light of his audience's attitude he says that it would "be a mistake for the *Suns* (*Daily Sun* and *Sunday Sun*) to get too close to the cause of so-called sex workers. "Their approach to issues like sex workers, is journalism." He explains articles should speak to the heart and soul of the new average South African.

"The 'average South African' 30 years ago used to be white, mostly Afrikaans and male, living in a middle class suburb with a wife and kids. *Braaiwies*, rugby and Chevrolet. Today that's a niche market. The average South African in 2010 is male AND female, black, not necessarily married, with kids however, and living in a township and everything else that goes with that. That's a huge change in a very short time, sociologically speaking."

"Contrary views about so-called sex workers are not part of the argument about where we position our papers – quite successfully as it happens. The *Suns* treat prostitutes in our market as somewhat removed from the main stream where we, and our audience, swim."


"Finally I do not believe that detailed coverage of so-called sex workers will do anything to sell our kind of papers. Our newest feature – explaining people's dreams – is wildly more popular."

Coetzee believes that judging people is wrong:

"That is why laws should change, so that prostitution can be legalised and that women get more protection from the police." ■

LGBTI EN DIE MEDIA

LESBIES, GAY, BISEKSUEEL, TRANSGENDER, INTERSEKS





Stereotypes is teenwoordig in elke aspek van die lewe. Dink maar aan 'n gay man met 'n pienk vereboa of 'n lesbiese vrou met 'n swart leerbaadjie. Of wat van mans met stywe hempies en blou eyeshadow en twee meisies wat vry? MELISSA TIGHY stel ondersoek in.

Stereotypes is nou maar eenmaal deel van 'n samelewing en verskyn daarom ook gereeld in die media. Veral waar Lesbies, Gay, Biseksuele, Transgender en Interseks (LGBTI) -persone betrokke is.

"Dis asof hulle ons probeer terugdruk in die kassie," is onlangs by 'n Lesbisch-funksie opgemerk. Lesbisch is 'n studente-organisasie wat hul beywer vir die regte van LGBTI-studente op die Universiteit Stellenbosch (US) se kampus.

Die samelewing word sterk beïnvloed deur die media se uitbeelding daarvan, en hierdie uitbeelding word weergegee deur stereotipes. "Die media konstrueer ons realiteit," meen Rashid Begg, dosent by die US se departement sosiologie. "Deur stereotipes te gebruik, vergemaklik die media hul werk om boodskappe te stuur aan die publiek.

"Die media weet wat hul gehoor soek."

Die media kan wel hierdie stereotipes afbreek, sê Begg. Die benadering verskil egter tussen samelewings en kulture oor hoe om so 'n verandering te bring.

Begg stel Elisabeth Noelle-Neumann se Kumulatiewe Effek-teorie voor om die mag van die media te verstaan. Noelle-Neumann is 'n Duitse politieke wetenskaplike. Hierdie teorie bespreek hoe die aanhoudende herhaling van boodskappe en boelie oor 'n lang tydperk mense se idees oor sekere sake kan verander. "Die media moet 'n verandering wil maak om waarlik sukses te hê," sê Begg.

Objektiwiteit in joernalistiek is baie belangrik, en selfs nog meer in die beriggewing oor LGBTI-stories, meen Begg. Stereotipes wat geprojekter word, is hier 'n groot probleem. Stereotipes dien as kodes sodat die leser maklik en vinnig weet van wie of wat jy praat.

Die Media Awareness Network, 'n Kanadese nie-winsgewende organisasie wat hul beywer vir mediageletterdheid, moen egter stereotipes kan nadelige effekte hê soos:

- dit vereenvoudig verskille tussen mense deur hulle bloot in simplistiese kategorieë te plaas;
- dit verander aannames in "realiteite";
- dit word gebruik om magposisies te regverdig; en
- sosiale vooroordeel en ongelykheid te laat voortleef.

Die Media Awareness Network sê ook die groepe wat gestereotipeer word, het gewoonlik geen keuse oor hoe hulle uitgebeeld word nie.

Robert Hamblin, fotograaf en kampvegter vir Gender Dynamix en self 'n transman, meen 'n intense stigma kleef aan transgender mense.

"Die media is geneig om selfs in basiese verslaggewing hulle eie idees oor gender oor te dra in plaas van om kenners in te roep of inligting te kry by transgender mense."

'n Transvrou is 'n man wat die geslagsverandering na 'n vrou ondergaan het. 'n Transman verwys na 'n geslagsverandering van 'n vrou na 'n man.

"Wanneer die media berig oor transmense se persoonlike lewensverhale, word gewoonlik van hulle verwag om heteroseksuele stereotipes uit te beeld. Transvrouens word byvoorbeeld gevra om vir foto's te poseer waar hulle lipstifte aansit en transmans word gim toe gesleep om hulle spiere te wys," meen Hamblin.

"Gewoonlik word die persoon se regte lewe heeltemal geïgnoreer om 'n karikatuur uit te beeld," voeg hy by.

Nog 'n mistasting oor transgender mense is dat dit 'n seksuele voorkeur is,

sê Hamblin. Hy verduidelik: "Dit is eerder 'n gevoel binne jou dat jy 'n 'man' of 'n 'vrou' is, dus kan jy in so geval 'n 'man' wees maar jy het 'n vroulike liggaam en andersom."

Ingrid Lynch, 'n dosent in sielkunde by die Universiteit van Pretoria, doen navorsing oor LGBTI en sê in die algemeen is daar 'n gebrek aan verteenwoordiging van LGBTI-mense in die media.

Lynch meen LGBTI-kwessies in die media word baie keer in verhouding tot seksuele gedrag uitgebeeld, terwyl heteroseksuele persone deur gevoelens en verhoudingskwaliteite voorgestel word, pleks van net seksuele gedrag. Volgens Lynch val die skuld op die populêre mediums soos rolprente, musiek en televisie wat neig om stereotipes te versterk, en individuele identiteit word geïgnoreer.

In Lynch se studies fokus sy op die uitbeelding en realiteite van biseksuele en lesbiese vroue: "Baie mense dink egter biseksualiteit is bloot net 'n eksperimentele identiteit wat afhang van sosiale en kulturele tendense."

"Die internasionale kultuur sien vroulike biseksualiteit as *chic* en modieus, en so word biseksualiteit afgemaak as bloot 'n modeneiging."

So het bekende sangers en aktrises soos Brenda Fassie, Lindsay Lohan en die trefferliedjie "I kissed a girl and I liked it" van Katy Perry groot mediabelangstelling gegenereer en die sigbaarheid van vroulike biseksualiteit laat toeneem, meen Lynch.

Tog is daar met hierdie toename in bewustheid ook 'n toename in wanpersepsies. Volgens Lynch word lesbiese en biseksuele vroue se gedrag net as "aanvaarbaar" gesien omdat dit verband hou met 'n manlike fantasie. "Hul identiteit

word nie ondersoek nie, eerder net die erotika en seksualiteit daarby betrokke." So word hierdie vroue ondermyn, juis omdat hulle in die samelewing se oë bloot net seksobjekte is as gevolg van hul seksuele voorleer.

Lynch sê hoewel daar 'n toename is in LGBTI-voorstellings in die media, is die uitbeeldings baie heperk en versterk dit eerder stereotipes.

Tracy Gilchrist, redakteur van *shewired.com*, 'n webblad wat spesifiek fokus op die lesbiese gemeenskap, sê daar is al baie gedoen in die hoofstroommedia om verteenwoordiging van die LGBTI-gemeenskap te verbeter.

"Tog is daar steeds die neiging van die hoofstroommedia om op *drag queens* en *dykes on bikes* te fokus." Oor stereotipes sê Gilchrist daar moet 'n balans wees en die media moet verantwoordelik en gebalanseerd verslaggewing doen.

Gilchrist sê daar is baie veralgemening oor die LGBTI-gemeenskap. "Die media doen ons 'n onoor aan as hulle ons bloot uitbeeld as seksbehep; ons is meer as dit."

Dink byvoorbeeld aan die media se dekking van Gay Pride wat slegs verslag doen oor die hemplose *go-go* mans.

"Dit lyk asof die media juis op hierdie aspekte fokus in 'n poging om ons te probeer atherise," sê Gilchrist, dus om die publiek te laat glo LGBTI-persone is anders en nie "normaal" nie. Dit is nog 'n stereotipe om iemand as "normaal" en "nie normaal" te klassifiseer volgens jou eie verwysingsraamwerk.

Selfs op die US se kampus het die voorbladfoto van die studentekoerant *Die Matie* hewige reaksie ontlok. Dit wys twee mans wat mekaar 'n vurige soen gee tydens die onlangse "Soen in die Laan" (sien hooffoto).

"Stellenbosch is nie so oop soos wat mense dink nie," was die mening van een van die lede van Lesbigan. En nie net

Wie/wat is Gender Dynamix?

(www.genderdynamix.co.za)

Gender Dynamix is die eerste Afrika gebaseerde organisasie wat fokus op die transgendergemeenskap. Hulle wil 'n breër bewustheid skep van transgender kwessies. Hul doel is om hulp te verskaf, om raad te gee asook om inligting te bied vir diegene wat hul lewens moet aanpas by 'n teenoorgestelde genderrol. Gender Dynamix bied ook hulpbronne, inligting en ondersteuning aan vir transgender mense, sowel as hul lewensmaats, familie, werkgewers en die publiek.



ontlok dit reaksie op dié kampus nie, maar ook landwyd met artikels in die hoofstroommedia.

Vanessa Smeets, 'n BPhil Joernalistiek-student en 'n fotograaf vir *Die Matie*, het hierdie foto geneem.

"Ons het altyd geweet daar is homofobie op kampus, dit het net maar duidelik geword toe mense gekonfronteer word met hierdie foto." Smuts meen dit was net 'n opregte soen.

"Jy kan die *straight* paartjies in die agtergrond sien wat lekker konteks gee. Daar was so min gay paartjies, dit het rêrig moed gekos om daar te wees," sê Smeets.

Annelize Kloppers, die uitredende redakteur van *Die Matie*, sê die besluit om die foto te publiseer is deur die hele redaksie geneem. Volgens haar was hierdie uitgawe 'n goeie voorbeeld van hoe die samelewing reageer op homoseksualiteit. Sy het egter nie reaksie op dié skaal verwag nie.

Reaksies was beide positief en negatief. Smeets vertel van mense wat *Die Matie*-span gelukgewens het omdat hulle die moed gehad het om verandering te probeer teweegbring op Stellenbosch.

Lesbigay het ook planne om nou groter bewustmaking te skep van LGBTI-kwessies op die US se kampus.

"Op die Matie-kampus gooi studente die koerante weg, en party maak *dartboards* daaruit," sê Smeets. Daar was studente wat oor die foto geteken het om die een man soos 'n vrou te laat lyk. "Hoekom het hulle nie die reg om hul liefde vir mekaar te wys soos *straight* mense nie?" vra Smeets.

Berliggewing oor LGBTI-kwessies het nog 'n ver pad om te gaan. "Persepsies, hoofsaaklik geskep deur die media, van LGBTI-mense kan verander word indien die publiek voel hulle kan identifiseer met die LGBTI-gemeenskap oor sekere aspekte," meen Gilchrist. Die mentaliteit van "they look like me, they dress like me, they work like me and love like me", kan meer verdraagsaamheid skep.

"Mense is bang vir dit wat hulle nie verstaan nie, so ek dink dit is nodig dat hulle aspekte van die LGBTI-gemeenskap gewys word waarmee hulle kan identifiseer en verstaan."

Gilchrist meen "die media moet verantwoordelike en gebalanseerde verslaggewing doen; punt." ■

QUOTES.

Lede van die Lesbigan-vereniging het die volgende kommentaar gehad oor hoe die media berig oor LGBTI-kwessies en die gebruik van stereotipes in die media se verslaggewing.

Raelene: "Ek dink nie joernaliste probeer afbreuk doen nie. Tog is dit onderliggend, almal is pseudo-oukei daarmee, maar die werklikheid is dat dit moeilik is om te sluk."

Pierre: "Stereotipes is onregverdig, en dit verwoes verhoudinge tussen gemeenskappe. Ons moet persepsies verander en ophou aannames maak. Dit is bloot 'n denkfout."

Mia: "In die media is daar altyd die najaag van sensasie; daar is 'n teikenmark waarvoor hulle skryf. Tog om sekere stereotipes te publiseer, maak hulle eintlik net hul werk makliker."

Lindy: "Nuus is bevooroordeeld. Mense besef dit nie."

Stefan: "Ek gee nie rêrig om nie. Hoekom moet ek worry oor wat ander mense van my dink?"

About The Media Magazine

The Media is an independent, unaffiliated publication. The editorial presents behind-the-scenes analysis of the country's top media brands — their strategies for growth and their area of focus.

'n Joernalis wat sy of haar sout wees is gee vir die leser alle moontlike interpretasies van 'n onbekende term reeds vroeg in 'n artikel.

Volgens dr. Johan Retief is die konsep

publieke joernalistiek 'n poging van die joernalis om deel te wees van, eerder as om slegs verslag te lewer op, gebeure.

Andrew Trench sien hoe die publieke joernalistiek die media verander van

bloot 'n passiewe waarnemer en beskrywer van gebeure tot 'n aktiewe vennoot van die leser om sodoende sosiale kwessies in gemeenskappe te help oplos.

THE BITTERSWEET 16 YEARS OF DEMOCRATIC JOURNALISM



In 1994, South Africa was not only granted a new constitution and government, but also a new lease on its freedom of speech and freedom of expression. Sixteen years later, VANESSA SMEETS examines how far the media have come and the recent threats by the government through a proposed Media Appeals Tribunal. Have the cracks in our democracy's constitution begun to show?

I remember vividly my first encounter with the news. I was eight years old and my mother yelled: "Close your eyes! *Right now!*" My dad shouted back: "No, let her watch! Let her see what's happening to this country!"

Chris Hani's bloody body flashed before my eyes over and over again. It was 1993 and many South Africans thought the country was on the brink of civil war, as photojournalists Greg Marinovich and João Silva describe in *The Bang Bang Club*. It would be a painful labour and long, bloody birth to our new democracy. Some had hoped Hani, leader of the Communist Party, would become our vice-president.

Although it was the darkest of times, it was the best of times. Some of South Africa's most potent writing was written in captivity. Steve Biko and Nelson Mandela come to mind.

The question is: do journalists in South Africa today write what is fashionable, rather than write what is right? This may have to do with popular culture taking over our TV and PC screens, magazines and newspapers. Or, the need to compete through sensational stories.

The South African media went through a transformation after the democratic elections in 1994. What was once seen as a very narrow-minded majority press, with few radical publications against the apartheid government, has shifted to an open-minded, diverse group of media players.

South African appetite

Less than 25% of South Africans read newspapers, whereas over 90% listen to radio, according to Anton Harber, journalism professor at Wits University. Radio is still the most popular medium, with people being captivated in our diverse democracy by "theatre of the mind".

Television also remains a popular medium. Although not everyone may have access to DSTV, many South Africans find themselves fascinated by reality shows. In 2000, the first season of *Big Brother* had people swarming outside the MultiChoice studios.

The participants became overnight sensations. The first winner, Ferdinand Rabie, still features in the pages of *You and Huisgenoot*.

Ten years later, *Survivor South Africa* has almost reached cult status, and included South African celebrities, models, exotic dancers and radio DJs. The *Idols* competition continues to attract thousands of people to participate and watch the shows live as the series progresses.

The advent of TopTV may also eliminate the monopoly DSTV had for many years, claims Josh Ogada, media studies lecturer at the University of Cape Town and Stellenbosch University.

A varied combination of packages caters for various tastes. One must ask whether these packages are competitive enough to stand ground with DSTV.

Networking sites: A growing phenomenon with SA's youth

Harber claims in his online article "Journalism in the Age of the Market": "The cultures of entertainment, infotainment, argument, analysis, tabloid and mainstream press will intermingle and merge."

This merge is obvious on sites like Facebook, MySpace and Twitter, which have replaced traditional literature with fun, entertainment and swift news.

Cyber culture has allowed people to mutate into different versions of their identities to one that fits their second life.

Journalists worldwide have used domains like Twitter and Facebook's databases to collect sources.

According to media experts, like Ogada, this is dangerous turf: Are these sources really reliable?

Journalists should also think about invasion of privacy: Can you name that source without his/her permission?

Tackling cyber wars

While the iPad has not taken off in South Africa as much as in the USA, the BlackBerry remains popular. It allows one to gain easy access to email and may improve your virtual life, but at times hinder your real one.

Roberto Millan, a Master's student in

Illustration at Stellenbosch University, said: "At first, I felt anti-social. I always had an urge to read my emails."

American researchers have come up with a Cyborg Manifesto online explaining that electronic devices such as cell phones become an extended part of you. It is hard to live without them.

This led to days like Quit Facebook Day on 2 June this year. In 2004, a survey by the *Pretoria News* examined the impact websites have on South African children. The survey included 200 children with computer access at home. Almost 70% of them claimed they would rather spend time with their computers than with their parents.

This is evident while looking at the youth in South Africa that use MXit. MXit has been banned in some South African high schools, like Pretoria Boys' High, because of antisocial behaviour, such as not listening to the teacher and not interacting with classmates.

International organizations, like the Centre for Digital Democracy and the Electronic Privacy Information Centre, blamed the lack of privacy settings on social networking sites for the rise in

SOUTH AFRICA'S ONLINE CONTENT: IS THERE ROOM FOR ALL 11 OFFICIAL LANGUAGES?

kidnapping and missing children.

The South African media claimed Anika Smit was murdered in Pretoria earlier this year, because of her boyfriend's online jealousy. Her father made the gruesome discovery of her body in her bedroom. Her arms had been amputated. Her family claimed the act of chopping her hands was symbolic: *You have no power to test others without your hands.*

Police claim it was probably to remove evidence that might have remained under her fingernails.

Technology vs the press

Arrie Rossouw, former editorial director at 24.com, claims the internet's swiftness has led to print becoming outdated, but that nothing beats the texture of the paper or the smell of fresh ink on your hands.

South Africa's online content is still predominantly English. Is there room for all 11 official languages? Rural South Africa is proof there may not be. Too many South Africans still do not have computer access. Online content caters for a select few.

Rossouw lists a number of points in Adrian Hadland's book *Changing the Fourth Estate: Essays on South African Journalism* on how publications can survive the digital age in South Africa:

- Produce quality content
- Have clean copy
- Use multiple sources
- Change with the times
- Keep up with tastes
- Distribute properly

Rossouw claims democracy should continue to be practised in newsrooms, through diversity and transformation.



LAST LAUGH: South Africa's cartoonists have signed a petition against the proposed Media Appeals Tribunal. Jonathan Shapiro (Zapiro) expressed his concerns over the tribunal at a workshop organised by Stellenbosch's CCRA (Centre for Comic Illustrative Book Arts) in August this year.

PHOTO: Vanessa Smets

Barry Bateman, a journalist at EyeWitness News, claims the media have come a long way since apartheid: "Censorship was state practice then. Hopefully the Professional Journalists' Association of South Africa (ProJourn) continues to help media prosper in South Africa, despite continuous threats by the government to control them."

One can learn from the mistakes of past publications: Avoid racism, prejudice and stereotyping, by writing with fairness and accuracy.

Simphiwe Sesanti, a cultural literacy lecturer at Stellenbosch University, believes this will come from proper training in journalism schools, especially when it comes to African literacy.

Professor Hein Willemse, a media studies lecturer from the University of Pretoria, agrees: "No university in South Africa does really enough to spread African cultural literacy. There is a gap in media and journalism courses."

Willemse started an African history and context course a few years ago, as part of media studies at the university, to acquaint students with African writing (like Aimé Césaire and Léopold Sédar Senghor) and African culture (through movies and documentaries).

Cartoonists' copyleft: No laughing matter

According to South African political cartoonists Jonathan Shapiro (Zapiro) and Jeremy Neli (Jerm) who integrate their work with Photoshop, new media includes a lot more colour, styles and various forms of distribution, from print to the web.

John Curtis, from Africartoons (an online site that promotes South African cartoonists), says the new concept of "copyleft", where you put your work online and make it available to the public, will increase access to information at a dramatic rate.

Jerm agrees that at first copyleft, instead of "copyright", is hard to comprehend: "The trick to copyleft is realising that as long as your work is in the public domain and becomes viral, it becomes vital to other people's right to know."

Curtis and the majority of South Africa's cartoonists, including Zapiro, Jerm, Brandan, Chip and Andy Mason,

have signed a pledge to try and keep the Media Appeals Tribunal at bay.

If the publications they work for are censored by the government, their political cartoons will be the first to go. Imagine a world without President Jacob Zuma's showerhead or baby Julius Malema without his nappy and dummy.

The pledge reads: "We acknowledge freedom of expression is a universal right... One fought hard in the struggle for freedom in our country... We reject the proposed 'Protection of Information Bill' and Media Appeals Tribunal... and all acts of intimidation against the media."

From watchdog to underdog

The *Daily Sun* has managed to break the conventional rules of British tabloids. This "black daily for the man in blue overalls" does not have a page dedicated to naked women, just sexy women.

Instead, it dedicates itself to the superstitions and beliefs of its readers, claims its creator Deon Du Plessis.

When one looks at our most popular

publications like *Hest*, *Huisgenoot* and the *Daily Sun*, it looks like the media in South Africa have blurred the lines between "need to know" with "nice to know" and "right to know" with "desire to know".

In this way, if each one caters for their target market accurately, the press still has a lot to offer in our information age.

The *Mail & Guardian* has pledged to keep our democracy intact by starting its own investigative unit, amaBhungane (dung beetles), with the motto "We dig for dung and fertilise democracy".

The Protection of Information Bill and Media Appeals Tribunal may put this unit's existence at risk. The government believes sloppy journalism in South Africa may give them a reason to monitor and censor journalists' work.

These threats to press freedom are worrying. The public may start to blame the media for inaccuracies and half truths, when only half the information will be published and distributed.

Will our press continue to thrive in a country whose "democratic" politicians refuse to be exposed for who they really are and what they really get up to? ■

I'M AFRAID THERE'S NOTHING
A MUCH YOU CAN DO.



A DOG'S LIFE: The watchdog role of the media may be put to death if the Protection of Information Bill and Media Appeals Tribunal go through.

CARTOON: Robert Millin

REG(S).



Die meeste stories wat ons oor regse groepe in Suid-Afrika hoor klink na iets uit die Wille Weste. Hoe hanteer die Suid-Afrikaanse pers hierdie groepe en mense? Is die beeld van regses wat ons in koerante ontvang reg? Speel objektiwiteit die hoofrol? Willem van der Berg ondersoek hierdie verhouding.

Jy's 'n gesant van Satan. Julle almal is. Julle wou nog altyd my volk en my God ondernym. Ek wil nie met julle praat nie. Ek wil niks met julle te doen hê nie."

Aan die woord is Johan Fourie. Hy is een van die Suidlanders se organiseerders in die Vrystaat en is bekend daarvoor dat sy humeur vinnig ontaard in 'n verbale aanslag. Hy is regs. Al van kinsdebeen af. Daarom klik mense net hul tonge as hulle van Johan hoor: "Tipies," sê hulle. "Tipies van die spul regses."

Maar waarom voel Johan soos hy voel? Waarom weier hy om met *Volksblad* te praat wanneer hulle 'n indiepte-artikel oor die Suidlanders doen? 'n Artikel wat bloot wil uitvind watter voorbereidings hulle doen vir wanneer 'n noodsituasie die land tref, soos wat hulle voorspel. 'n Artikel wat die Suidlanders self laat praat. 'n Objektiewe artikel sonder agenda.

Toe ek en Charles Smith, spesialis-verslaggewer van *Volksblad*, hierdie artikel aanpak, het ons vinnig uitgevind dit gaan nie maklik wees nie. Die agterdog waarmee mense ons ontvang het, het sommige gesprekke rukkerig laat verloop. Ander het uit die staanspoor gesneuwel.

Johannes Koen is 'n hoer en perdelfhebber. Hy het 'n stukkie grond by Jacobsdal. En hy is ook 'n Suidlander.

"Die media was ons nog nooit goedgesind nie. Regses word nog altyd afge-maak as belaglik. As 'n klompie malles. Daar word nooit regtig gesê wat ons doen nie. Wel dat dit wat ons doen en in glo 'n klomp wolhaarstories is. Hoekom skryf julle dan hoegenaamd oor ons?"

Die enigste werktuigkundige in Ritchie is Chris McCallaghan en hy is deel van die Suidlanders. Hy wil eintlik glad nie met ons praat nie en stap al dieper in sy werk-splek in om weg te kom van die opnemer. "Ek vertrou julle nie."

Ian Harding is die Suidlanders se leier in die Noord-Kaap. Hy gesels rustig. "Koerante het liberale sieninge en skryf uit daardie oogpunt. Dis nie juis objektief nie. Daarom was berigte oor regse groepe nog nooit positief nie. En daarom was regses nog nooit positief oor die media nie."

Het regses 'n punt beet?

Volgens Max du Preez, joernalis en skrywer, beslis: "In die jare voor 1994 het die Afrikaanse koerante die regses probeer ignoreer omdat dit in die belang van die Nasionale Party, wat hulle almal ondersteun het, was. Swyg hulle dood was die beste strategie om te keer dat die regse groepe by die stembus teen die NP verder."

Die skielike "herontdekking" van regses na Eugène Terre'Blanche se dood is volgens Du Preez "swak, oningeligte" joernalistiek.

Tim du Plessis, redakteur van *Beeld*,

dink anders.

"Die AWB was momenteel in die media as gevolg van die moord op Terre'Blanche. Daar was sedertdien ook heelwat berigte oor die Suidlanders. Dis te verstane, want hulle is skynbaar 'n nuwe gesig op die regse verhoog."

Die Suidlanders het in 2004 hul verskyning gemaak. Gustav Muller, leier van die beweging, het deur die land begin toer. Hy sê hulle is vir lank geignoreer.

"Ná Eugène Terre'Blanche se dood het die getalle by ons vergaderings skerp toegeneem en so ook die media se belangstelling."

Dan Roodt behoort albei kante van die munt te ken. Tydens die apartheidsjare het hy hom geskaar by die liberale. Deesdae word hy gereken as ver-regse.

"Alle groepe is tans besig, of poog, om die Afrikaners te herenig of te mobiliseer teen die ANC-verdrukking. Die media neem hiervan kennis, maar ignoreer dit. En verder word enige vorm van Afrikanerhergroepering belaglik gemaak. Dit word gesien as 'n gevaar vir multikulturele nasiebou."

Volgens Henri Boshoff, programhoof van vredesmissies by die Instituut vir Sekuriteitsstudies, soek koerante stories wat lesers se aandag vasvang.

"Die Boeremag was so 'n storie. En Terre'Blanche se dood was so 'n storie. Andersins was daar nie regtig iets nie."

links/middel/regs/middel/regs/regs/links/middel/regs/links

Tim du Plessis

Die media is reg, nie regs nie. "Subjektief/objektief/neutralend volgens wie? Geen ideologiese oorwegings geld wanneer ons besluit om hulle te ignoreer of oor hulle berig te doen nie. Dink jy beriggewing oor sulke groepe is nuuswaardig, as in rekening gehou word hoe min ondersteuning hulle uit die samelewing geniet? Hulle kan nie totaal geïgnoreer word nie en sal ook nie verdwyn as hulle geïgnoreer word nie. Die kuns is om net die regte hoeveelheid media-aandag aan hulle te gee."

Henri Boshoff

Regses leef die stereotipe uit. "Die moord op die vorige leier van die AWB, Eugène Terre'Blanche, kon nie op 'n slegter tyd gekom het as 2 April 2010 nie. Dit het gebeur in 'n tyd waar die blanke Afrikaners toenemend vervreemd voel in die nuwe demokrasie van Suid-Afrika. 'n Tyd waarin hulle vrees vir geweld en moord en dat daar niks aan gedoen gaan word nie. Dit het die media se fokus op regses skerp laat toeneem, want voor dit was daar nie juis beriggewing oor hulle nie. Met reg, want daar het nie juis meer iets aangegaan in daardie kringe nie. Die gemiddelde blanke Afrikaner wil nie met die regse geïdentifiseer word nie. Nee, hulle word nie stereotipes uitgebeeld nie. Kyk hoe het dit weer by Terre'Blanche se begrafnis gelyk. Kakieklere, gewere en vlae."

Dan Roodt

Die media is links, ons is regs. "Ek dink die media is oor die algemeen links geïntereerd en daarom meestal vyandig teenoor regse of konserwatiewe bewegings. Dink maar net aan die negatiewe konnotasies aan die woord 'regses'. Ek het nog nooit 'n objektiewe berig oor regse groepe of individue in die hoofstroom-media in Suid-Afrika gelees nie. Regse of nasionalistiese denke in Suid-Afrika word as 'n soort geestessteurnis of kranksinnigheid voorgestel, as dit nie heeltemal belaglik gemaak word nie."

Max du Preez

Dis moeilik om neutraal te bly. "Dit is maar eers die laaste twee, drie jaar dat daar 'n nuwe oplewinkie onder die regses was. Die jarelange verwyging van die regses is een van die redes waarom hulle deesdae die internet en interaktiewe webblaaie so oorheers. Niemand kan hulle daar keer nie. Dis seker moeilik om neutraal te bly teenoor groepe wat verkondig dat swartmense beplan om al die witmense uit te moor as die Wêreldbeker eers verby is of as Mandela gesterf het en dan witmense mobiliseer om na 'veilige' plekke te vlug. Maar dis seker ook waar dat Afrikaanse koerante steeds vasgevang is in die kultuur dat daar net met die regses die spot gedryf moet word. Rassisme is teen die gein van ons grondwet en die ver-regse partye se rassisme is baie openlik."

Gustav Muller

Dis alles deel van 'n plan. "Die media se hantering van regses was en is 'n manier om die algemene publiek 'n sielkundige weersin te gee in enigiets wat Boer, Afrikaner of regs blyk te wees. Vir die liberale wêreld is die behoudendes of regses 'n 'vyand' wat van die tafel afgevee moet word, want dit is al wat in die pad kan staan van een wêreldorde, die laaste Koninkryk op aarde. Hoe demokraties en regverdig is die wêreld as hul op so 'n slinkse wyse mense breinspoel en in der waarheid forceer om die rigting in te slaan?"

REGS

Om die term 'regs' te definieer is geen maklike taak nie. Daar is verskeie interpretasies.

Dan Roodt noem dat enige pro-Afrikanerdenke of -bewegings deesdae as regs gesien word.

Henri Boshoff meen dat blanke Afrikaners wat oor landstoestande kla gou as regs afgemaak word, maar dat dit verkeerd is.

"Regs het te doen met 'n ideologie. Ras en etnisiteit speel 'n groot rol. Swart en wit hoort nie vir hulle saam nie. Hulle het eiesoortige politieke doelwitte wat hulle uniek maak. In alles is daar 'n verband met hulle taal, kultuur en geskiedenis."

Foto: HERMAN VERWEY/FOTO24



SUID-AFRIKA: DIE REËNBOOGNASIE?

Die reënboog word telkemale as metafoor vir Suid-Afrika se diverse bevolking gebruik. Die pot goud aan die einde is 'n nasie wat 'n tuiste vir almal is. RENATE MOOLMAN het gevra of die reënboog Suid-Afrika se werklikheid is, en hoeveel die media hiermee te doen het.



Dis 'n pragtige beeld. Al die kleure van die reënboog verteenwoordig al die mense van Suid-Afrika: die reënboognasie. Só het Aartsbiskop Desmond Tutu gemeen. Hy het dié term in 'n dankseggingdien gebruik ná die eerste demokratiese verkiesing: "Ons is die reënboommense van God. Ons is vry – almal van ons, swart en wit saam!"

Die reënboogsimbool het in 1994 gewild geraak, volgens 'n studie deur Helga Dickow en Valerie Møller oor Suid-Afrika se "reënboommense".

'n Ou, vars beeld

Die simbool se gewildheid het danksy die FIFA Sokkerwêreldbeker (WB) gestyg. Só meen dr. Danny Jordaan, hoof van die plaaslike reëlingskomitee. "Suid-Afrika is getref met 'n vars gevoel van die reënboognasie," sê hy.

Dr. Vasti Roodt, 'n dosent in politieke filosofie aan die Universiteit Stellenbosch, meen mense was gelukkig. "As 'n mens 'n gelukkigheidsmeter gedurende die WB gebruik het, sou die telling hoog gewees het." Sy sê dit het amper herinner aan die euforiese gevoel tydens die rugbywêreldbeker in 1995. "Die verskil is in 1995 het die rugby 'n sterk gevoel van eenheid gebring, wat oorgespoel het in hoop. Die euforiese gevoel met die sokker-WB was van korte duur."

"Toe die politieke realiteit inskop, is dit als verby. Ons sit met 'n samelewing wat ekonomies baie verdeeld is. Suid-Afrikaners is nie gelukkig met dié verskille nie." Roodt sê 'n mens kan hoop dat ons eendag 'n reënboognasie sal word. "Mense van alle rasse, politieke verskille en kulture wat een is."

Ubuntu: reënboog se redding?

Ubuntu sal weer 'n eenheidsgees onder Suid-Afrikaners skep, en almal ruimte gee om hul eie kulture te beoefen. Só meen dr. Johann Broodryk, 'n opleidingskonsultant oor hoe mense ubuntu in die praktyk kan gebruik. Ubuntu is die Zoeloewoord vir medemenslikheid.

In 'n brief aan Rapport skryf Broodryk ná die sukses van die sokker-WB was daar te veel ontstellende gebeure. "Die onbeskaafde gedrag van staatsamptenare tydens protesaksies, beperkings op mediaberigting, voortgesette berigte van korrupsie en geweldsmisdade is besig om ons beeld onberekenbare skade toe te dien. Waar is ubuntu nou?"

Janice Winter, programbestuurder van die Access Programme on Journalism and Democracy in London, stem saam. Sy reken Suid-Afrikaners is nie so goed met die ubuntu-ding as wat hulle voorgee nie. In 'n artikel in die *Mail & Guardian* se Thought Leader-afdeling, getiteld "Do we really believe in diversity?", vra sy 'n belangrike vraag: Is Suid-Afrikaners verenig deur hul skouspel van diversiteit of deur hul onuitgesproke vrees daarvoor?

"Ubuntu is meer as vuvuzelas en kort-termynoptimisme. As die feesvieringe van die WB belangriker as ons Grondwet se belange geag word, ondermyn dit die WB se voordele en die integriteit van ons demokrasie."

Nkosikhulule Nyembezi meen dit is almal se verantwoordelikheid om te verseker dat dit nie gebeur nie. Nyembezi is 'n bestuurder vir die nasionale opleidingsprogram van die Black Sash, 'n menseregteorganisasie. "Artikel 27 van

die Grondwet sê die regering is verplig om na ons, die burgers, te kyk." Maar, sê hy, die burgers, skole en kerke moet ook hul deel doen. "Hulle moet verdraagsaamheid en medelye bevorder. Eers dan sal ons samelewing vorentoe beweeg."

Nyembezi vergelyk Suid-Afrika se reënboog met 'n boompie. "Dit moet aangekweek word." Die belangrikste ding, sê hy, is dat Suid-Afrikaners se denkwysse moet verander.


Rhoda Kadalie, politieke kommentator, meen die probleem het begin gedurende die Waarheids- en versoeningskommissie (WVK). "Die WVK het net 50 persent geslaag in sy taak. In die Verenigde Koninkryk het hulle gelykheidskommissies. In Kanada en Australië is rasversoening verweef in die raamwerk van ander aktiwiteite."

Kadalie sê: "Ons Grondwet is net 'n stuk papier tensy ons alle Suid-Afrikaners kry om die reënboog-idee te koop. Dié idee moet verbind word met kurrikula, nasionale vakansiedae en mediabewustheid."

William Bird, direkteur van Media Monitoring Africa, stem saam. "n Dag soos Nasionale Braaidag is 'n belangrike aspek van ons identiteit. Ons moet nou, ná die WB, weer nasionale belangstellings skep." Bird sê dié verantwoordelikheid is die regering, burgers en die media s'n.

Die reënboog en die media

Bird sê: "Die media het 'n verpligting om geweld, rassisme en xenofobie uit te daag. En hulle moet sosiale kohesie bevorder. Die media speel 'n kritieke rol om 'n nasionale identiteit te skep."



Jeremy 'Jerm' Nell, 'n spotprenttekenaar, het dié strokiesprent kort ná die moord op Eugène Terre'Blanche, Afrikaner Weerstandsbeweging-leier, geteken. "In plaas daarvan om by die pot goud uit te kom, druk die reënboog homself uit. Die kleure van die reënboog word soos bloed uitgedruk en drup orals op die land." Hy wou uitbeeld hoe politieke gebeure soos dié maak

dat Suid-Afrikaners alles weer in slegs twee kleure sien: swart en wit. "Swart is net 'n skakering van 'n kleur, en wit is 'n tint – dis nie eers ware kleure nie," sê Nell.

Hy meen Suid-Afrika sal nooit 'n ware reënboognasie wees nie. "Die idee moet nie forseer wees nie. Suid-Afrikaners moet eerder opgevoed word oor mekaar se kulture."

Nyembezi sê: "Die media moet ook berig oor die dinge wat Suid-Afrika regkry." Volgens Jeremy 'Jerm' Nell, 'n spotprentkunstenaar, is die realiteit dat te veel media net wins in gedagte het. "Redakteurs plaas net stories wat hul produkte sal verkoop. As die goeie nuus dit nie gaan verkoop nie, gaan hulle dit nie plaas nie." Kadalie meen dat hulle steeds

die negatiewe stories met goeies moet balanseer: "Julius Malema kry baie blootstelling, maar 'n organisasie soos Bright Young Minds, 'n organisasie van die land se slymste jongmense, nie.

"Nieregeringsorganisasies en burgerliggaams kan die media met goed nagevorsde inligting verskaf," sê sy.

Barry Ronge skryf onlangs in 'n artikel

in die *Sunday Times*: "Ons moet lank en hard na die 'Reënboognasie' kyk en vra of die pot goud aan die einde van die reënboog alreeds verskuif is."

Nyembezi sê dis nie te laat om by die pot goud uit te kom nie. "Dit is hoe almal van ons Suid-Afrika steeds gaan laat werk, hoe ons haar probleme gaan oplos, wat belangrik is." ■

TUSSEN TREINE TUSSEN STASIES.



Pendelaars op Stellenbosch-reinstasie.

FOTO: Lynne Matthyssen



Derduisende Suid-Afrikaners pendel daaglik per trein, en met die FIFA Wêreldbeker-sokkertoernooi wat onlangs hier gehou is, is nóg mense aangemoedig om dit te gebruik. Kan die media help om mense se persepsies oor openbare vervoer te verbeter? LYNNE MATTHYSSEN stel ondersoek in.

Mense hoor, lees en sien gereeld berigte oor stakings wat die spoordiens beïnvloed. Pendelaars val by treine uit, of word aangeval as gevolg van swak sekuriteit in en om die treine. Daar is ook herhaalde pleidooie dat treine en stasies opgradeer moet word.

Volgens mnr. Solly Malatsi, Wes-Kaapse woordvoerder vir die departement vervoer en openbare werke, soek die publiek openbare vervoer wat veilig, betroubaar en bekostigbaar is. Daar is egter mense wat eenvoudig nie 'n keuse het as om die beskikbare openbare vervoer te gebruik nie.

Volgens die 2004/5 Rekord van Openbare Vervoer (CPTA) van die departement vervoer van die Stad Kaapstad, reis 67 persent van pendelaars daaglik met private vervoer na die Kaapse middestad, terwyl 18 persent van pendelaars van treine gebruik maak. Stad uit, gebruik meer as die helfte van alle pendelaars treinvervoer. Volgens die Stad se webblad is mense geneig om private vervoer te gebruik weens die persepsie dat openbare vervoer onveilig en onbetroubaar is.

Malatsi dink die publiek se ervaring van openbare vervoer word deur die media se dekking daarvan beïnvloed. Volgens hom fokus die media gewoonlik

op die negatiewe van die bedryf eerder as die positiewe.

Maar mnr. Kla Johnson, verkeersverslaggewer vir KFM, sê die media se rol is om mense in te lig. "So ja, as daar 'n staking is, en daar is beter opsies wat mense van gebruik kan maak, is dit die media se plig om die publiek daarvan in te lig en hui te help om 'n beter en meer ingeligte besluit te neem."

Sou mnr. George Russell, die eerste stasie-meester wat in 1860 op Durban gestasioneer is, ooit kon dink die openbare spoorstelsel sou vandag daaglik meer as 2,2 miljoen pendelritte onderneem?

Dit beklemtoon die afhanklikheid van duisende Suid-Afrikaners op ons spoorstelsel. Mens se indruk van hierdie stelsel vorm 'n groot deel van hoe Suid-Afrikaners hul land se infrastruktuur op 'n alledaagse manier ervaar.

Nadat diamante in 1867 in Kimberley ontdek is, het die Suid-Afrikaanse regering alle spoorprojekte oorgeneem, eers in die Kaap en later in Natal (nou KwaZulu-Natal).

Volgens Metrorail is die spoorstelsel gebruik om die land ná 1910 te help verbind en om ontwikkeling te bevorder. Alle spoorstelsels was toe onder die beheer van die parlement. Een van die doelwitte was om goedkoop vervoer aan binnelandse landbou- en industriële gemeenskappe te bied. Met die groot getalle mense wat ná die Anglo-Boereoorlog en die daaropvolgende Depressie stede toe getrek het, was daar 'n behoefte aan 'n doeltreffende stedelike spoordiens.

Deesdae is die spoorstelsel egter onder druk. Volgens Metrorail se webblad sluit die redes hiervoor in gebrekkige belegging in infrastruktuur, 'n ernstige tekort aan bestuurs- en tegniese vaardighede, en onderbelegging van amper 30 jaar wat veroorsaak dat Metrorail se spoorwaens verouderd is.

Ms. Riana Scott, woordvoerder vir Metrorail in die Wes-Kaap, bevestig dat die spoorwaens in die mid-1980's laas vervang is, en dat daar nie genoeg geld is om die waens te vervang, of vir die bykomende tegniese opgradering te betaal nie.

Volgens die Suid-Afrikaanse Spoorpendelaarsagentskap (PRASA), is spoorpendelaarsdienste voor 1 April 1990 deur die Suid-Afrikaanse Vervoerdienste (SASTS) verskaf. Sedertdien is Transnet Ltd. en die Suid-Afrikaanse Spoorpendelaarskorporasie Bpk. (SARCC) hiervoor verantwoordelik.

Die SARCC besit die spoorpendelaarsbates, en is verantwoordelik vir die instandhouding daarvan. Metrorail, 'n onderafdeling van Transnet, is vir operasionele instandhouding verantwoordelik. Volgens PRASA het onduidelikheid oor verantwoordelikhede gelei tot die slegte onderhoud van spoorbates.

Gedurende die FIFA Wêreldbeker-sokkertoernooi is die Gautrein in werking gestel. Volgens Ms. Ingrid Jensen, woordvoerder van Gautrein Rapid Rail Link, is die Gautrein se teikenmark die private motorsverbruiker wat nie van openbare vervoer gebruik maak nie. "Die publiek

het oorspronklik nie die Gautrein as deel van openbare vervoer geag nie." Hierdie teikenmark het die Gautrein eerder as 'n "aaklige monster wat in hul buurt inkrup" gesien. Maar volgens Jensen het hierdie gevoelens beslis verander nadat die trein in Junie vanjaar begin loop het, aangesien die publiek dit nou beter verstaan en meer vertrou is met hoe dit werk.

Johnson sê die media het 'n groot rol daarin gespeel om die publiek opgewonde te maak oor openbare vervoer, en ook om operateurs daarvan te ondersteun. "Ek dink die media het begin om mense se persepsies te verander, en om meer geloof in die openbare vervoerstelsel te ploeg," sê sy.

Die bemerkingsveldtog gedurende die sokkertoernooi het private motorverbruikers begin oortuig om meer van treine gebruik te maak, en hul oordeel dat hierdie soort vervoer heel goed is. "Met die gedurige ophef wat die media gemaak het, het mense geluister en gebruik gemaak van die *park and ride*-fasiliteite gedurende die toernooi. As die media dit nie as 'n beter opsie geskilder het nie, sou mense skaars daarvan gebruik gemaak het," sê Johnson. "Mense besef nou dat dit goedkoper en makliker is in terme van verkeersophoping."

Malatsi sê die regering het ver gegaan om sekuriteit met openbare vervoer 'n hupstoot te gee. "En omdat mense veilig gevoel het, het hulle aangehou om openbare vervoer te gebruik."

"Daar sou minder motors op die paale gewees het as die vervoerstelsel so puik gehy het soos wat dit gedurende die Wêreldbekertoernooi was."

"Maar die realiteit is dat daardie vlakke van diens vinnig ná die toernooi gedaal het, veral met die treine," sê Malatsi.

Hy ry self elke dag met die trein werk toe. "Mediaverslaggewing het my waaksaam gemaak oor die gevare wat daar bestaan as mens laat met die trein ry. Ek is al ook by 'n treinstasie beroof. Nietemin, vind ek dit gerieflik om met die trein te ry omdat dit vinnig en bekostigbaar is. Maar ek is bekommerd oor die gebrek aan sigbare sekuriteit by treinstasies en in die treine."

Johnson gebruik nie gereeld die spoorstelsel nie. "As gevolg van my ligging en die soort werk wat ek doen, werk ek lang ure. Dit gee my nie die vryheid om genoeg gebruik te maak van openbare vervoer nie. Maar wanneer ek kan, doen ek, want dit help om my uitgawes te verlig." ■

Vinnige Feite

Treintrokontwerp van die 19de eeu het spoorwaens in twee klasse van vervoer verdeel. Die middel van die trok is as eerste klas bestempel weens die feit dat passasiers hier in twee rigtings deur die vensters kon kyk. Die tweede klas het verwys na sitplekke aan die kante van die trok waar dit net moontlik vir pendelaars was om uit een rigting deur 'n venster te kon kyk.

Die sogenaamde Omdraaistrategie van die Nasionale Spoorkorporasie beoog om spoorvervoer die hoofvorm van vervoer in Suid-Afrika te maak. Hierdie projek word in drie fases verdeel, naamlik die Stabiliseringsfase (2007-2010), die Herstelfase (2011-2014) en die Groeifase (2015-2030).

Volgens min. Solly Malatsi, Wes-Kaapse woordvoerder vir die departement vervoer en openbare werke, het die getalle van treinpendelaars die afgelope tyd meer gegroei as enige ander groep pendelaars in die Wes-Kaap.

Die eerste treinnit in Suid-Afrika het op 26 Junie 1860 in Durban plaasgevind. Tussen Market Square en Customs Point het 800 passasiers hierdie rit beleef. Vandag ondemeem die openbare treinstelsel daagliks meer as 2,2 miljoen ritte.



'n Illustrasie van 'n ou trein. FOTO: Florida-sentrum vir Opvoedings-tegnologie



BRIDGING THE SOCIAL GAP:

Can media be the mortar between the classes in our society?



The South African income gap is growing daily. **NICOLE MCCAIN** looks at the media's role in creating social divides in our communities, and the media's ability to reach across these.



Above: A view from the township of Rayamandl, which looks out over the town of Stellenbosch and the surrounding winelands area.

PHOTO: Nicole McCain

At almost every main road and intersection in South Africa, one can find someone selling newspapers. These people sell titles like *The Star*, *The Citizen*, *City Press* and *Rapport*. But how many of those who sell us our newspapers read the papers they are selling?

In South Africa, a large income gap exists between social classes. In 2001, approximately 60 per cent of South Africans were living below the poverty income line, as reported by the Southern African Regional Poverty Network. The largest density of those living in poverty is in KwaZulu-Natal, which also has the biggest gap between classes.

This begs the question: How does the South African media contribute to this widening income gap? Every newspaper targets a certain market, or group of readers often made up of people who have similar interests and lifestyles. But if a newspaper must maintain readership, can it do so without entrenching the current social classes and income gaps we see in our country?

A newspaper's audience is the people who read that particular paper, according to Colorado State University's communication department. It is up to newspapers to anticipate the needs or expectations of their audience in order to convey information. Different people will have different language levels and interests, and a newspaper needs to know who its audience is before they publish anything.

Newspapers work on the same system as advertisers when they establish who their audience is. The most popular method used by advertisers is the Living Standards Measure (LSM). The LSM index was designed by the South African Advertising Research Foundation (SAARF) to categorise the consumer market into groups. The LSM index is specifically aimed at grouping consumers according to the way they live and not according to income, race or genders as previously used.

Newspapers depend on advertising for income, and for this reason it is very important that a newspaper can maintain its target audience. But with the wealth shifting to new groups in the market, how do the media maintain their audience? Perial Haffajee, editor of *City Press*, emphasises the importance of staying in touch with your reader's interests and expectations in order to keep them from moving to another publication.

City Press caters to the very broad audience that makes up LSM 5 to 10, which is the upper working class to the very wealthy. The newspaper is largely focused on the interest of black South Africans, who have recently started to move to higher LSMs. However, the *Daily Sun*, a Gauteng-based tabloid, is also catering to the lower LSMs. This is forcing *City Press* to redefine its audience. Haffajee claims this can be done by writing for an audience rather than a class, and by using LSMs and markets to get a sense of a publication's readers — who they are, their aspirations and their daily life. This will then help the newspapers to identify new sections that the readers may be

interested in, as well as which current sections to focus on. For instance, *City Press*' readership would have more of an interest in politics and current affairs, and the addition of a personal finance section would align with their interests.

Haffajee feels newspapers have an obligation to broaden their focus away from maintaining their share of the market, and to "challenge and inform readers" outside of their LSM and direct interests. She says: "My everlasting concern is that if we cater for only the LSM in which people are, we are not telling them about the rest of the world... It would be a great disservice if we only tell them about their [LSM]."

Picky audiences

Stellenbosch University sociologist, Rashid Begg, believes the media is not responsible for what the readers think. This would imply that the media can brainwash readers by reporting on certain topics and that readers will believe only the viewpoints printed in the media. The media theory that suggests this is called the Hypodermic Needle Theory, and says that the media has a direct influence over what the audience thinks. Begg believes the audience is in fact able to think about the content given to them, analyse it and select or discard the relevant information. This means that the audience will also select a publication that suits their lifestyle. From this point of view, the media has no influence over the income groups. However, Begg does say that the media controls which issues get aired. "It is not so much a case of what to think, but what to think about."

So while the media is not actively enforcing a class structure, it does contribute by focusing on issues that may not be shared among classes or be applicable to the majority of people. This means that only some issues, usually those relevant to the class with the most buying power, are given media coverage. The audience chooses the publication, but as Haffajee points out, it is still the media's responsibility to provide our readers with a varied selection of information that includes issues of other

classes or groups.

The newspaper seller on the street may not be able to afford an expensive publication, but the reality of that newspaper seller should be told to people of all classes. And likewise, that newspaper seller should be receiving news about what goes on in the business and political worlds, which may not be the reality he experiences on a daily basis. ■

THE LIFESTYLE STANDARDS MEASURES

There are 29 descriptors used in the Lifestyle Measures Standard (LSM) process, and these include questioning whether a household has hot running water, a fridge or freezer and a microwave oven.

The LSM questionnaire asks if there is a flush toilet inside or outside the house, a vacuum cleaner, a washing machine and tumble dryer, and a TV set, with or without DSTV. The rest of the indicators are the ownership of a motor vehicle, one or more cell phones per household, sewing machines and the number of radio sets per household.

Other descriptors address if the household is situated in an urban, metropolitan or rural area, as well as in Gauteng or the Western Cape.

The LSM index divides the population into groups numbered one to eight, with one the lowest and eight the highest. Recently categories nine and ten were added.

Category one shows a very low income, and category eight a high income. The two recently added categories cater for the very wealthy.



Below: A resident of Kayamandi, just outside Stellenbosch, reads a supplement from a newspaper bought at his local shop.

PHOTO: Nicole McCain



mark

mark

mark

mark

mark

mark

DIE (LOLSPEAK*)

TALE*

WAT ONS PRAAT.



Die media, veral hoofstroomkoerante, was jare lank 'n bastion vir keurige taal. Die verskyning van die poniepers en die internet se invloed het egter sake begin verander, en gewone lesers begin al hoe meer aandring op húl taal. LOUISE FERREIRA het gaan kyk na hoe veranderings in taalgebruik besig is om die media se realiteit te verskuif.

Vyf jaar gelede, op die alwetende ouderdom van 17, moes ek 'n beredende toespraak lewer vir 'n Afrikaanse mondeling. Dit het gegaan oor die verskyning van poniekoerante soos die *Kaapse Son* en die *Daily Voice*, hul inhoud en hul taalgebruik. Die trant van die toespraak was taamlik snipperig en ek het afgesluit deur te verklaar dat die goepers nie hier hoort nie. Die volwassenes met

wie ek te doen gehad het, het heelhartig saamgestem.

Deesdae lyk dinge anders. Die *Son* se gewildheid wys duidelik daar is 'n mark vir hul koerant, en taalgebruik speel 'n belangrike rol.

Die manier waarop die media nuus sien het verander, sê Edwin Lombard, assistentredakteur van die *Son* en redakteur van *Sondag Son*. "Skielik is gewone mense-stories groot nuus vir daardie mark en hulle geniet dit om 'n koerant te hê wat net

op húl stories fokus. Dit sluit die manier van praat in – woorde wat net in daai gemeenskappe gepraat word en in 'n aksent wat net hulle verstaan.

"Dit is hier waar *Son* inkom, wat spesifiek fokus op die bruin mark en skryf in die taal wat hulle praat."

Faan Pistor is *Son* se senior taalsub-redakteur. "Daar is 'n verskil tussen taal wat preskriptief en deskriptief is," verduidelik hy.

"Preskriptief" verwys na die standaard-

**Lolspeak is kattetaal — soos die internet dit beskou. Hierdie dialek, vol taal- en spelfoute, het 'n webfenomeen geword. Sien volgende bladsy.*

vorm van 'n taal, dit wat in die meeste woordeboeke gevind word – wat met ander woorde voorgeskryf word as die “korrekte” taalgebruik – en die taal wat hoofstroomkoerante gebruik. “Deskriptiewe” taal gee weer hoe mense werklik praat en is die hoon en hotter van die geolpers.

Dit is nie waar dat die koerant 'n *anything goes*-benadering toepas nie, sê Pistor.

“Son het steeds 'n stylgids wat ons volg. Dis Kaapse Vlakte Afrikaans, dis nie net enige woorde wat gebruik word nie. Mense gebruik byvoorbeeld die woord ‘loop’: jy loop kerk, jy loop hof. Dis vir my nogal mooi.”

Wat kru taal betref, is daar spesifieke reëls wat toegepas word. Joernaliste mag nie in hul eie kopie vloek nie. Indien mense wat aangehaal word wel vloekwoorde soos byvoorbeeld “p**s” gebruik, word dit met 'n sterretjie gesensor. Woorde soos “fok” en “lak” word egter as minder plat beskou en word dus nie gesensor nie.

“Wat vir sommige kru taal is, is vir ander heel aanvaarbare woorde,” sê Lombard. “Dit hang maar af waar jy jou

bevind. Elke gemeenskap het sy eie lingo. Sekere woorde is ook vreemd in sekere gemeenskappe. *Cool* is byvoorbeeld nie 'n woord wat op die Kaapse Vlakte of in die Boland gebruik word nie.”

Volgens Pistor het die manier hoe vloekwoorde gebruik word wel verander. “Son was aanvanklik 'n regte, egte poniekoerant. Dis nou meer 'n bruin gemeenskapskoerant in ponieformaat.

“Ek dink nie ek sou toe Son begin het hier kon gewerk het nie. Dit was roff!”

Lombard beaam 'n paar dinge het verander. “Die taal, inhoud en styl word bepaal deur die lesers. Ná vele terugvoersessies met ons lesers, het ons verskeie veranderings aangebring.” Die koerant se bladsy drie-meisies, hoewel nog skraps geklee, verskyn nie meer bostukloos nie, en minder vloekwoorde word gebruik.

Adverteerders speel ook 'n rol, sê hy. “As hulle ongemaklik voel om hulle produkte met die koerant te identifiseer, moet ons uitvind wat spesifiek dit is wat hulle pla en hoe ons hulle tegemoet kan kom sonder om die uniekheid van die koerant in gevaar te stel.”

**“WAT VIR
SOMMIGE KRU
TAAL IS, IS VIR
ANDER HEEL
AANVAARBARE
WOORDE...
ELKE GEMEENSAP
HET SY EIE LINGO”**



BO: 'n Pendelaar met 'n kopie van die Son.

FOTO: Willemien Calitz

Katte, die internet en lolspeak

In 'n heeltemal ander medium is internet-gebruikers letterlik besig om hul eie dialek te skep – 'n dialek wat gebaseer is op hoe katte kwansuis sou praat.

Die webtuiste I Can Has Cheezburger (ICHC) is in Januarie 2007 geskep deur Eric Nalagawa, oftewel Cheezburger, en sy vennoot, net bekend as Tofuburger. Die konsep draai om 'n foto van 'n groot grys kat, kop effe skuins en bek oop, met teks op die foto wat lui: "I can has cheezburger?" ("Kan ek 'n kaasburger kry?")

Volgens 'n artikel deur Lev Grossman in *Time* doen hierdie soort prentjies, in internetterme bekend as *image macros*, reeds sedert 2005 die rondte op webwerwe soos 4chan.org. Die kurators van ICHC het op die spesifieke foto afgeken en dit so snaaks gevind dat hulle besluit het om 'n webwerf daarvoor te skep.

Nog prentjies het gevolg en vandaar het dit 'n internetfenomeen geword, soveel so dat selfs *Time* en die *Wall Street Journal* daaroor geskryf het. Hulle staan bekend as *lolcats*, van die internetafkorting wat beteken *laughing out loud* (lol).

Daar is verskeie faktore wat hierdie katte so gewild maak. Een daarvan is *lolspeak*, die brabbeltaal wat vir die meeste van die onderskrifte gebruik word. Vir mense wat die eerste keer daarop afkom, moet dit besonder vreemd lyk: Baie van die woorde is heeltemal verkeerd gespelt

"Die Here is my herder" – die King James-vertaling van Psalm 23

¹The Lord is my shepherd; I shall not want.

²He maketh me to lie down in green pastures: he leadeth me beside the still waters.

³He restoreth my soul: he leadeth me in the paths of righteousness for his name's sake.

⁴Yea, though I walk through the valley of the shadow of death, I will fear no evil: for thou art with me; thy rod and thy staff they comfort me.

⁵Thou preparest a table before me in the presence of mine enemies: thou anointest my head with oil; my cup runneth over.

⁶Surely goodness and mercy shall follow me all the days of my life: and I will dwell in the house of the Lord for ever.

"Ceiling Cat iz mai sheprd" – Psalm 23 in lolspeak

¹Ceiling Cat iz mai sheprd (which is funni if u knowz teh joek about herdin catz LOL.)

He givz me evrithin I need.

²He letz me sleeps in teh sunni spot an haz liek nice waterz r ovar thar.

³He makez mai soul happi an maeks sure I go teh riet wai for him. Liek thru teh cat flap insted of out teh opin windo LOL.

⁴I iz in teh valli of dogz, fearin no pooch, bcz Ceiling Cat iz besied me rubbin' mah ears, an it maek me so kumfy.

⁵He letz me sit at teh taebi evn when peepl who duzint liek me iz watchn.

He givz me a flea baff an so much gooshy fud it runz out of mai bowl LOL.

⁶Niec things an luck wil chase me evrydai an I wil liv in teh Ceiling Cats housz forevr.

en die grammatika is dikwels deurmekaar.

'n Goede voorbeeld is die kaasburger-aanhaling, of die volgende onderskrif, wat by 'n foto van twee babakatties gebruik is: "we belongz 2gether...soz u got to taek the both of us...pweese!" ("Ons hoort saam, so

ly moet ons albei neem, asseblief!")

Om die waarheid te sê, dit lyk byna asof 'n kat 'n rekenaar se toetsbord beetgekry het – en dit is presies die punt.

Om in *lolspeak* te skryf, beteken egter nie 'n mens kan lukraak 'n spul letters ver-

LOLCATS.

PHOTO'S: ICanHasCheezburger.com en 4chan.org.



V.L.U., Happykat vra vir 'n kaasburger en word 'n internetfenomeen (die ICHC-boek); die "I'm in ur..." meme is gebaseer op 'n internet-videospeletjie waar een speler 'n ander groep se basis binnegeval het met die woorde "I'm in ur base, killin ur dootz"; 'n babaweeigawe van Basement Cat.

ander of woorde rondskuil nie. Geroelde lesers van JCHC en diesulks sal onmiddellik agterkom indien iemand met 'n mindere kennis van *lolpeak* iets verkeerd doen. Anil Dash, 'n blogger en bekende in Amerikaanse tegnologiekringe, het in April 2007 hieroor geblog. Hy haal 'n onderskrif aan wat verwys na die boek en film *Dune*: "I are dunecat. I controls the spice, I controls the universe."

Dit klink net verkeerd – in *lolpeak* sal 'n mens byvoorbeeld sê *Iz dunecat*, nie *I are dunecat* nie. Soos Dash dit stel: "Die feit dat ons kan agterkom dat geen kat so sal praat nie wys dat *kitty pidgin* eintlik baie konsekwent is." Dus, die grammatika mag dalk vreemd lyk, maar dit is steeds 'n vaste grammatika met sy eie reëls.

So gewild is *lolpeak* dat die Bybel selfs daarin vertaal is. Ceiling Cat, 'n wit kat, en Basement Cat, 'n swart kat, verteenwoordig God en Satan onderskeidelik en is lank reeds gewilde karakters op JCHC. Die eerste vers van Genesis lui só: "Oh hai. In teh beginnin Ceiling Cat maded teh skiez An da Urfs, but he did not eated dem."

Op die LOLcat Bible Translation Project se webblad is daar ook 'n "How to speak lolcat"-gids, met verduidelikings oor watter woorde verkeerd gespel word en waar om voornaamwoorde uit te haal. Luidens die gids is dit belangrik om te onderskei tussen *textspeak*, die afkortings wat dikwels in SMS'e en op die internet gebruik word, en *lolpeak*, wat kattetale is.

David Ramey, 'n internetkenner, skryf in 'n artikel op JCHC dat *lolpeak* en ander internettale soos *leetspeak* aanhoudend deur die internetgemeenskap aangepas word. Dit is dus moontlik om te sien hoe tale uit

'n spesifieke medium groei en ontwikkel.

"Dit toon ook hoe die internet die wyse waarop ons met mekaar kontak maak en kommunikeer, verander. Hierdie woorde en macros behels dat gebruikers nie net die inligting wat oorgedra word manipuleer nie, maar ook die formaat van die kodes waarop ons ooreengekom het om die inligting oor te dra."

Lolpeak is minder algemeen in Suid-Afrika as byvoorbeeld die VSA, waarskynlik omdat meer mense hier eerder internettoegang via hul selfone het. Matthew Buckland, 'n Suid-Afrikaanse internetkenner en besturende direkteur van die sosiale mediamaatskappy Creative Spark, sê selfoon-internetgebruik is baie hoër in ontsluitende mariede.

"Internettoegang via 'n gewone rekenaar is betreklik duur in vergelyking met selfone. 'n Selfoon is ook goedkoper."

"[*Textspeak*] is 'n direkte gevolg van mense wat hul selfone gebruik vir byvoorbeeld SMS'e. Selfs op [die sosiale netwerk] Twitter word boodskappe tot 140 karakters beperk. Mense vind maniere om hul punt oor te dra met die minimum aantal woorde."

Teks druk egter nie gevoelens behoorlik uit nie en afkortings soos *lol* is dus 'n manier om emosie oor te dra."

Die media – in al sy vorms – verander teen 'n blitsige tempo. Taal is slegs een aspek hiervan, maar dit toon in watter mate die fokus van die mediageenereerder na die verbruiker verskuif. Gemeenskappe, of hulle hulself op die Kaapse Vlakte of die internet bevind, is besig om taal vir hulself te eien. Die media behoort aan hulle. Of dan nou in *lolpeak*, "I can has new media?" ■

DIE LOLCAT-KONSEP DRAAI OM 'N FOTO VAN 'N GROOT GRYS KAT WAT VRA: "I CAN HAS CHEEZBURGER?"



VLKJ. Hierdie betoende katjie kon homself nie help nie: Saterdag is 'n lolcat-geensiedag, en staan dus bekend as Caturday: die oorsprong van die "Invisible..."-meme. 'n Internet-meme is 'n idee of konsep, byvoorbeeld in die vorm van foto's, wat deur verskillende maniere op die internet versprei word. Dit verander dikwels naas dit versprei.

SERIOUS SATIRE.



Newspapers usually carry a political or editorial cartoon on their opinion pages. These pages are there to focus attention on current issues and encourage debate. The cartoon comments on some topical event or subject and gives opinion in a humorous way. When used correctly as social commentary, it can help readers understand an issue better by laughing at it, writes NIEL JOUBERT.



WEAPON OF MASS DESTRUCTION

There are two images in recent South African history that most South Africans will recognise – both of them cartoons.

The first is president Jacob Zuma with a shower nozzle attached to his head. This was first drawn by Jonathan Shapiro, a cartoonist with the pen name Zapiro. The showerhead is a reference to Zuma's comments in his rape trial, where he told the court that he showered after having sex with an HIV-positive woman.

In the second image, also involving Zuma, Zapiro depicts him unbuckling his belt, while Lady Justice is being held down by his political allies with one of them saying: "Go for it, boss!"

In *The Art of Cartooning: Changing the Fourth Estate - Essays on South African Journalism* Zapiro says: "A cartoon takes just a few seconds to read and absorb, but it can have enormous impact and be highly memorable."

"Almost every reader of a newspaper reads the cartoon, not just for a laugh, but to see a strong, well-communicated idea. A cartoonist's job is to make people think, often by making them laugh, though not all cartoons are meant to be funny."

According to Ken Vernon in *Penpricks: The Drawing of South Africa's Political Battlelines*, political cartoons are not designed to be conventionally funny.

"Instead, their aim is to belittle their victims, to mock, scorn and deride them as to destroy their reputations and hence, by extension, their political ideas."

"Humour, or more correctly, ridicule, is thus used as a great leveller of political ambitions."

Don't Fake: The Year in Cartoons by Andy Mason and John Curtis, is an annual publication compiling the best cartoons from the best cartoonists, with its first publication brought out in 2009. According to them, South African cartooning has finally come of age.

"For the first time, cartoonists representing the country's full demographic spectrum, articulating a range of political views, are featured in the same annual," say Mason and Curtis.

Although Jacob Zuma is suing Zapiro for R7 million for the "Rape of Lady Justice" cartoon, published in *Sunday Times* on 7 September 2008, Ayesha Kaje, executive director of the Freedom

of Expression Institute, says satirists currently enjoy a very free media landscape.

"Freedom of the press and artistic creativity is well protected under the constitution. Satire is a combination of journalism and art, and meant to be commentary, so they do have more freedom or licence to express themselves than conventional journalists."

According to Kaje, no topics should be avoided and freedom of expression should have no limits, except those limits imposed by the constitution. "Satire allows for debate, which is healthy for a democracy."

Jeremy "Jerm" Nell has drawn the front page cartoon for *The Times* since 2007 and currently has a daily strip, "The Big-gish Five". He says a news report should be accurate with the facts, but satire is not generally about accurately representing the facts.

"It is (entertaining) opinion and opinions are not usually fair or objective, but can indeed be."

Zapiro feels readers value the licence they have as editorial cartoonists to confront the most powerful people in society and knock them off their pedestals. "It's a bit like the licence the court jester once had to say things about the king that nobody else would dare to say."

"The freedom cartoonists have to criticise in a country is a litmus test for democracy."

Nell agrees with this. According to him, satire is important as it gauges the temperature of society and civil freedoms.

"The purpose of it is not to mould public opinion or perceptions, or even report facts, as people tend to think is its purpose, but rather to entertain and provide reaction to society's current status through mocking, lampooning, parodying, etc., the folly of people," says Nell.

The satirical website Hayibo.com, where news is parodied and poked fun at, was launched in 2008. The site proclaimed to be the "second-best source of fake news after the SABC".

According to Anthony Pascoe, one of the founders of the website, humour does allow people to get away with things and makes the message more palatable.

"Satire is about using humour to highlight vice, corruption or abuse of power, ideally with the intent of shaming individuals, and society itself, into

"THE FREEDOM CARTOONISTS HAVE TO CRITICISE IN A COUNTRY IS A LITMUS TEST FOR DEMOCRACY."

improvement or change.

"And we need to get it right. If we are not funny or focusing on the wrong angle, we lose credibility and people will stop reading us."

Although highly popular, the website was forced to close down in August due to lack of advertising revenue.

The Hayibo team's last newsletter said: "Yes, dear readers, it's hard to believe, perhaps even harder to believe than a sick note from Schabir Shaik's GP. But it's true. All good things must come to an end, and Hayibo.com is no different."

"We would have loved to rule the internet until Jesus returned, perhaps to witness the power-sharing deal the ANC will desperately try to broker, but alas the lifeblood of all websites, advertising, has never materialised."

Pascoe says satire deals with the issues in a more entertaining way than other traditional mediums. "It is not necessarily a direct confrontation of the issues, but rather a palatable and entertaining way to engage with an audience who might not otherwise be thinking about the topics under discussion."

A few years ago South African Breweries took the company Laugh It Off to court. Laugh It Off parodied the slogan of a well-known beer. According to Dario Milo, a partner at Webber Wentzel Bowens Attorneys, this was the closest South African law came to recognising the value of satire and parody.

In his decision, for Laugh It Off, Judge Albie Sachs highlighted the importance of humour in a democracy, particularly in the form of satire or parody: "The protection must be there whether the humour is expressed by mimicry in drag, or cartooning in the press, or the production of lampoons on T-shirts."

"A society that takes itself too seriously risks bottling up its tensions and treating every example of irreverence as a threat to its existence." ■

THE STATE OF OUR

Journalists

Story
young
country
lack
local
university
course
care
publications
newspapers
survival
training
editors
voice
Africa
education
space
reporting
chimurenga
internet
entertainment
writers
interest
tabloidisation
work
overseas
writing
education
music



Do South African arts journalists simply not possess the skills to deliver in-depth arts coverage or are editors wary of the lack of public interest where it concerns arts and culture? NADINE THERON discussed the issue with a few big names.

The *Sunday Times* tells us they have done their homework and will be giving their readers what they want – travel, lifestyle, movies, television and,

of course, news and sport. Not a word about the arts. Regular contributors have been informed their space will be cut drastically. Are we really such a minority? Jennifer de Klerk, editor of *Artslink.co.za*, asked this question in a recent editorial, touching on the contentious matter of arts coverage in South Africa.

De Klerk's comment is only an example of the struggle for the arts in post-apartheid South Africa. Here's another: Lebo Mashile, Max Du Preez, Albie Sachs and Njabulo Ndebele facilitated round-table discussions at the fourth triennial World Summit on Arts and Culture (WSAC). With a theme such as Intercultural Dialogue, the summit, held in Johannesburg in 2009, promised to provide the opportunity for discussing

issues affecting public support for the arts and creativity.

It was the first time Africa hosted one of the International Federation of Arts Councils and Culture Agencies' (IFACCA) World Summits and 75 different countries were represented.

Over 450 delegates from national arts councils, ministries of culture and other agencies worldwide flocked to Museum Africa in New Town to attend seminars, discussion sessions and presentations.

"Here is the opportunity for people who want to influence the arts policy to discuss the issues artists grapple with every day," Edward Tsumelo, senior arts and culture journalist for *The Sowetan*, said about the summit.

Yet, besides a little stint on *Morning Live* and obituary-sized mentions in daily newspapers, the only paper that reported extensively on the Summit was *The Sunday Independent*.

Does this reflect the state of our arts journalists or of our public interest?

Tsumelo claimed that he hadn't seen any of his colleagues from fellow South African dailies at the summit. "There are only a few arts journalists in South Africa and they are more interested in the entertainment industry."

But Gwen Ansell, *Business Day* jazz columnist and former executive director of the Institute for the Advancement of Journalism, disagrees. Ansell is also the author of *Soweto Blues* and *Introduction to Journalism*, as well as visiting Professor at Columbia University's Center for Jazz Studies.

"Some of the failures to cover the WSAC were crudely financial and had nothing to do with the quality of arts journalists as writers – for example, SABC demanded that the WSAC pay for an outside broadcast van if they wanted the event covered!"

Bongani Madondo, famed arts and culture writer, and author of *Hot Type: Icons, Artists and God-figurines* raises the issue of unskilled journalists as a possible cause of the silent Summit: "It could be that the local media does not understand or are less interested in the business of the arts as a political and cultural currency, and focusing only, or trained only on aesthetic values of the arts."

Ansell, however, thinks that local arts journalism is on par with the rest of the world.

"Although there are far fewer spaces for the best to be exposed. We tend to fetishise 'the rest of the world' but 80 per



South African Art Times

<http://www.artslink.co.za/27article.html>



One Small Seed

<http://openbicycle.com/category/open/>



Art South Africa

<http://www.bell-coburn.com/tbook=132>

cent of what you see in overseas papers is just as trivialised and personality focused as what you see here, and equally superficial and banal in the writing.

"An arts writer of the calibre of Bongani Madondo – who's been featured in *Village Voice* and *Rolling Stone* – does not get regular column space here, that's a disgrace for South Africa. But our publications market is small and we don't have the reader numbers to support niche publications, so I suppose it is inevitable.

"In addition, we have a distinctive arts writing voice and tradition to draw on – very much established by the kinds of writers working on *Drum* and *Bantu World* historically – so we have no need to copy America, as much Western arts journalism does. One of the big problems with the lack of arts journalism teaching combined with the globalised MTV tsunami is that there's a danger that voice will be lost. We have few arts-focused publications – I'm thinking particularly of *Chimurenga* – that are better than what comes out of the rest of the world."

Soon after the Summit, *Tonight* arts and entertainment journalist Atiyah Kahn published an opinion piece on Artslink.co.za: Stop complaining about arts journalism or do something about it.

Kahn attended the "Reviving the Drumbeat" workshop, a unique arts journalism training programme facilitated by Ansell. She laments the lack of education available to shape good arts journalists:

"I was shocked to find out that Gwen's course was one of the only arts journalism education programmes in the country, and that there is no university in South Africa that specialises in this field as part of their curriculum.

"There are no arts journalism degrees in the country. Aside from the jazz festival courses, there is also the *Cue* coverage at the National Arts Festival where young writers work with senior critics and are given training but that is about it."

This is confirmed by Ansell, who explains why she initiated the "Reviving the Drumbeat" workshop: "There are absolutely no courses on arts reporting in universities or FET colleges as part of journalism training (whereas there are on, for example, science reporting). And that is the only reason I run a course under the wings of a commercial provider... (I) would much prefer that more specialist beat reporting training be provided within the higher education system. It is, after all, part of the National Certificate

**"WHO CARES
ABOUT SAMUEL
BECKETT,
AYI KWEI ARMAHA
OR JAMES JOYCE?
I DO, BUT WHO
CARES
FOR PEOPLE WHO
CARE ABOUT
THINGS LIKE
THAT?"**

curriculum."

Kahn concluded that the University of Southern California or Columbia University in New York have both stressed the importance of arts journalism by educating writers in the fields of music, film, theatre, fine art and dance. "Does this mean that we then have to go overseas if young writers want to be confident as critics?" she asked.

Ansell explains that there's a lack of beat journalists in all specialist fields.

"This is a result of the very limited coverage this aspect of journalism gets in higher education, and of underfunded, understaffed newsrooms where there aren't the resources to allow too many individuals to specialise, where people are consequently shifted from section to section. Arts journalism does not have high prestige with editors compared to 'hard news' and so suffers more than some other areas in this process."

Kahn said this can be attributed to the shameful neglect of critical arts reportage in the country.

"I regularly encounter musicians who feel that there are only a handful of music journalists who can adequately criticise what they do. Not to mention the issue of shrinking space in newspapers and magazines for insightful art pieces."

At the Summit, Tsumele blamed the global phenomenon of tabloidisation, which is morphing arts journalism into entertainment news.

"I mean if Kanyi Mhau was here and she said something stupid, the story would be on page three of my own paper tomorrow. I would also write another story on the Summit but that's not the story that will get used."

"It's all just showbiz," says Madondo.

"This new 21st century tabloidisation, characterised by crassness, greed, blood and obsessive investment in youth, is problematic not only to arts journalism but journalism as a whole. Art has become entertainment, and the business of entertainment is handled, dreamt up and controlled by both advertising and marketing gurus and ad executives with big budgets that traditional media sorely need for their survival, especially in the free floating internet age.

"Who cares about Samuel Beckett, Ayi Kwei Armah or James Joyce? I do, but who cares about people who care for things like that?" ■

**Atiyah Kahn is now completing her Masters in Arts Journalism at USC.*

WANNEER DIE MUSIEK OPHOU SPEEL



FOTO: Sarah Harrington



"I hate Tchaikovsky and I will not conduct him. But if the audience wants him, it can have him," sê die komponis Pierre Boulez in die biografie *Boulez: Composer, Conductor, Enigma* deur Joan Peyser. Sy stelling som die komplekse kwessies van Suid-Afrikaanse musiekjoernalistiek mooi op. Vir wie skryf musiekjoernaliste, en maak dit saak of jy toondoof of nootvas is? Moet jy weet wie Max Bruch en Dmitri Shostakovitch is? LIZE SWARTZ ondersoek dié vrae wat musiekfoendi's pla.

'Do you know what lies at the bottom of the mainstream? Mediocrity." Sô sê die komponis Gustav von Aschenbach se vriend vir hom in die bekende rolprent *Death in Venice*.

Om oor hoofstroommusiek in Suid-Afrika te skryf, beteken nie dat musiekjoernaliste middelmatige resensente hoef te wees nie. Hoewel die persepsie heers dat resensies oor klassieke musiek meer kundigheid en kennis verg as om oor popmusiek te skryf, is dit nie noodwendig die geval nie.

Warren Holden, assistentredakteur by die nistydskrif *Classic Feel*, glo joernaliste moet klassieke musiek en popmusiek op verskillende maniere benader. "Vir 'n publikasie wat net artikels oor popmusiek bevat en vir 'n wyer gehoor skryf, is 'n musikale

agtergrond nie noodwendig 'n vereiste nie," sê Holden. Hy glo ander tipes musiek is weer hoogs gespesialiseer en lesers verels van musiekjoernaliste om, deur middel van bogemiddelde musiekkennis, ingeligte en informatiewe artikels skryf. "Kennis oor musiek is baie nuttig vir 'n nistydskrif soos *Classic Feel*, aangesien die lesers daarby aanklank vind en daarby kan baat vind," vertel Holden.

Jon Monsoon, redakteur van *Your LMG*, 'n gratis publikasie wat op kontemporêre musiek fokus, meen skryfervaring is belangriker, ongeag watter musiekgroep gereenseer word.

"Hoe langer jy 'n musiekjoernalis is, hoe meer gekwalifiseer raak jy. Jou verwysingsraamwerk moet taamlik breed wees om ingeligte opinies te kan lewer."

Wayne Muller, 'n musiekresensent vir *Die Burger*, stem saam: "Ek dink om oor enige onderwerp te skryf, vir wie ook al, verg

kennis van daardie onderwerp. Popmusiek mag dalk klink, soos die naam aandui, asof byna enigeen algemene kennis daaroor het. As 'n joernalis egter nie goed ingelig is oor die genre, neigings en geskiedenis nie, gaan jy nie 'n artikel met gesag kan skryf nie.

"Toe die operasangeres Renée Fleming onlangs 'n pop-album uitgegee het, kon ek dit nie resenseer nie, want hoewel ek veel oor Fleming se operaloopbaan weet, het ek eenvoudig nie die 'geletterdheid' gehad om te bepaal of haar stem nou eintlik so goed is in pop as wat dit in opera is nie."

Die dekking wat sekere musiekgenres geniet, verskil afhange van die spesifieke publikasie en teikengroep. Tydskrifte verskil deurdalende teikenmarkte meer gespesifiseer is volgens belangstellings – in onder meer motors, modes en gesondheid. Koerante, tensy dit vir spesifieke nismarkte voorsiening maak, berig oor verskeie onderwerpe in een uitgawe.

Muller, wat ook vir drie jaar by verskeie tydskrifte gewerk het, glo egter joernaliste by koerante kan steeds in sekere musiekgenres spesialiseer.

"Die Burger is gemik op 'n heel uiteenlopende gehoor, maar binne hierdie mark bestaan daar sekere nismarkte met sekere belangstellings en in wie se behoeftes die koerant op een of ander wyse probeer voldoen," verduidelik hy.

"Met tydskrifte is die mark natuurlik meer gedefinieer en minder fragmentaries," vertel Muller verder. "Tydskrifte is gefokus op 'n nismark en jy weet presies vir wie jy skryf."

Hype – te danke aan die media?

Hoewel die media nie kan dikteer waarna mense luister nie, kan intensiewe mediadekking van sekere musikante of musiekgroepe tot selfs groter gewildheid en sukses lei.

"Klassieke musiek word nie baie in die media genoem nie," sê

**"EK DINK DIT IS BELANGRIK
DAT DIE MEDIA NIE
NOODWENDIG HYPES
SKEP NIE, MAAR EERDER
AANHELP."**
- WAYNE MULLER

Holden, "maar dit is eintlik net omdat klassieke musiek so 'n nismark het met 'n taamlike klein gehoor in Suid-Afrika. Popmusiek en Afrikaanse musiek maak voorsiening vir groter, meer algemene gehore en sal dus natuurlik meer mediadekking kry."

Muller glo die media is reaksionêr eerder as 'n blinde volgeling. "As kunstenaars 'n hype veroorsaak, reageer die media gewoonlik met 'n hype. Dikwels is dit dalk baie subjektief, soos een goeie resensie wat 'n groep uiters gewild maak. Maar ek dink dit is belangrik dat die media nie noodwendig hypes skep nie, maar eerder aanhelp."

Talle musiekgroepe het groter gewildheid verwerf as gevolg van gereelde en intensiewe mediadekking. Jacolette Kloppers, Kaapse redakteur van *By*, sê Die Antwoord en Jack Parow is 'n fenomeen op hul eie onderskeie gebiede en voldoen dus aan die vereistes van wat nuuswaardig is. *By* het vanjaar drie artikels oor Die Antwoord gepubliseer en een oor Parow.

"Hulle verskuif grense en doen en sê goed wat nog nie voorheen in Afrikaans gedoen en gesê is nie. Dit gaan glad nie daaroor dat ons op een of ander *bandwagon* spring nie."



Yo-Jandi Visser van Die Antwoord.

FOTO: Ianah Hettig



New Holland

FOTO: Ianah Hettig

Die internet: Vriend of vyand?

Dwarsoor die wêreld het die internet die manier waarop musiek benader word, drasties verander. Nie net musiekjoernaliste skryf meer oor musiek nie. Die internet laat individue toe om, deur middel van blogs, kommentaar oor sekere tipes musiek te lewer en dit te resenseer. Of hierdie opinies gevorm is op grond van musiekkennis en ervaring is irrelevant, want elkeen wat oor musiek skryf, is geregtig op 'n opinie, en kan nou daardie opinie op die internet uitspreek.

Talle musiekwebtuistes soos Last.fm laat ook internetgebruikers toe om self musiek te ontdek en dan deur hul blogs of op sosiale netwerke soos Twitter en Facebook daarop te praat. Oorvertelling is 'n baie kragtige wapen vir musikante, en hulle gebruik sosiale netwerke dikwels om groter gewildheid te kweek. "Mense op blogs en Facebook en ander sosiale netwerke verhoog belangstelling in 'n musiekgroep deur net vir hul vriende daarvan te vertel," sê Monsoon. "Dit alleenlik kan musiekjoernalistiek soos ons dit ken, verander."

Die Antwoord is die vernaamste voorbeeld van hoe die internet die musiekbedryf radikaal verander. Die groep het 'n video op die internet gelaai en dit het, deur die gegons van aanhangers, soveel gewildheid vir die groep verwerf dat hulle deur 'n internasionale platemaatskappy 'n kontrak aangebied is. Die Suid-Afrikaanse media het, ook deur middel van die internet, kennis geneem van dié supergroep se gewildheid, en die gevolg was vrye mediadekking. Deur mediadekking aan gewilde musikante of musiekgroepe te bied, maak die media seker dit is die skakel tussen die musikale gebied en die publiek.

Die kwessie van subjektiwiteit

Een van die vernaamste probleme wat musiekjoernaliste in die gesig staar, is dié van subjektiwiteit. As gevolg hiervan verkies sulke musiekjoernaliste onbewustelik sekere musiekgenres teenoor ander. "n Mens moet natuurlik ook op objektiewe wyse na musiek kan luister," sê Monsoon. "Talle jong musiekjoernaliste sukkel om dit te doen – hulle skryf dieselfde goed oor dieselfde musiekgroepe (waarvan hulle hou), terwyl hulle groepe ignoreer waarvan hulle nie hou nie."

Talle musiekjoernaliste bespeel self een of meer instrumente, of werk in die musiekbedryf. "Die ander kwessie is dat mense wat self musici of musikante is, dikwels te betrokke is by die bedryf en nie betroubare resensente is nie – ondanks al hulle ondervinding," sê Gawie Botma, dosent in konsjoernalistiek aan die Universiteit Stellenbosch.

Hoewel dit soms voordelig vir musiekjoernaliste is om 'n wye musiekkennis te besit en om praktiese ervaring te hê, kan dit moontlik die publiek laat dink hy of sy kyk neer op die luisteraars van sulke musiek.


"As musiekjoernalis moet 'n mens 'n begrip van alle musiek-tipes kweek om 'n gebalanseerde siening van musiek te hê," sê Holden. "En miskien is dit nie die joernalis se plig om 'n opinie te lewer nie, maar eerder net om die feite te stel en lesers toe te laat om self daarop te besluit."

Botma beaam Holden se stelling: "Jy kan dan op verskillende vlakke skryf – met minder of meer diepte na gelang van die onderwerp, die genre, die publikasie en die gehoor, maar dit is vir die lesers om te oordeel of jou mening gewig dra." ■



Zanne Stapellberg en James Grace.

FOTO: Lize Swartz



Jacki Parow

FOTO: Lize Swartz

#FAIL

● *People Magazine* wat 'n artikel gepubliseer het waarin hulle beweer Joost en Amor van der Westhuizen het albei homoseksuele verhoudings aangeknoop ná die verbroekeling van hul huwelik. Die artikel was gebaseer op 'n telefoonoproep van een anonieme bron en nie Joost óf Amor is genader vir kommentaar nie.

● ANCYL president Julius Malema for lashing out at BBC journalist Jonah Fisher – and for the other journalists who did absolutely nothing. Besides publishing almost every word Malema said this year.

● Die manier waarop koerante Eugène Terre'blanche se dood heeltemal uit verband geruk het. Die pers het omtrent te kere gegaan oor gerugte van kondome wat op die moordtoneel gevind is en ET se broek wat na bewering afgetrek was.

● The South African media for not paying enough attention to the mine disaster in Chile. Even though South African construction company Murray & Roberts played a crucial role in the rescue of the 33 trapped miners, several newspapers only relied on Reuters, AFP, SAPA and AP for their stories.

● Sal iemand asseblief die MAT onder die ANC se bombastiese, outokratiese en diktatoriale jits uittrek, sodat hulle die boodskap kan kry dat die Media-Appealtribunaal (oftewel MAT) nie 'n liggaam is wat in 'n demokrasie hoort nie?

● The Hawks and the police who firstly arrested *Sunday Times* journalist Mzikazi wa Afrika at his workplace and then got into a row with editors about whether photographers were allowed to capture the moment. Wa Afrika was charged with fraud; a month later all charges were dropped.

● Onse Steve (soos in Hofmeyr). Net omdat 'n mens nie altyd goeie publisiteit kan verwag as jy aan die verkeerde kant van nuuswaardes is nie, beteken dit nie jy moet die media daarvoor blameer nie – en dan boonop 'n mediatribunaal steun nie.

#LIKE

● Definitely South Africa's outstanding hosting of the 2010 FIFA World Cup. Over 2 million tourists visited the country and contributed to the R55.7 billion boost of the country's economy.

● Elise Tempelhoff is 'n omgewingsjoernalis vir *Beeld*. Sy skroom nie om groot maatskappye soos BHP Billiton aan te vat nie en is 'n joernalis wat werklik 'n passie vir haar onderwerp het. Amptenare by 'n Exxaro-steenkoolmyn het haar al vier uur lank aangehou nadat sy foto's van beweerde mynbou-aktiwiteite in 'n vleiland geneem het.

● The Afrikaans media for embracing the 2010 FIFA World Cup. *Die Burger's* daily infoboxes explaining the game's simple rules might have annoyed long-time football fans, but once the games kicked off, it was good seeing ooms scream "offside!" at inappropriate moments and proudly have black stars painted on their faces.

● 'n Vet akker vir dié man: Dan McDougall van die *Sunday Times* in London. Die James Bond van joernalistiek. McDougall en 'n fotograaf, Robin Hammond, het hulle as onwettige diamantsmuse voorgedoen in die Marang-diamantveld in die ooste van Zimbabwe. So het hulle blootgelê hoe Zimbabwiërs soos slawe in die myne werk – ter profyt van die regering.

● LeadSA for launching the Lead with Lights campaign where drivers are encouraged to lead South Africa by driving with their headlights on during the day to increase visibility. LeadSA is a Primedia Broadcasting initiative supported by Independent Newspapers which encourages normal South Africans to lead the country by doing the right thing.

● Sake24 wat dapper genoeg was om 'n hofbevel teen Eskom te kry om die elektrisiteitsverskaffer te verplig om die afslagpryse waarteen hy elektrisiteit aan BHP Billiton verskaf, bekend te maak.

Mastering the Art of Journalism?

So, you:

Have completed your professional training as a journalist, but you're going to miss the library?

Have been working as a journalist for a number of years, but want to find out more about the story-behind-the-story, the theories and concepts that help you understand your work better?

Are tired of running against deadlines?

Are not able to reflect critically on your profession?

Want to sharpen the pen?

Need a new qualification to get ahead?

Then one of the MPhil (Journalism) options at Stellenbosch University's Department of Journalism is the right choice for you.

For more information, visit: www.sun.ac.za/journalism

Department of Journalism
University of Stellenbosch
Private Bag X1
Matieland
7602
Tel: +27 21 808 3488
Fax: +27 21 808 3487

